K31

Nederduitsch Hervormde Kerk Afrika

Nederduitsch Hervormde Gemeente
Koedoesrand

# JUBILEUMBLAD

## 1924 – 1974



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/nederduitschherv00both_1

# DANKBETUIGING



Dit is met dank aan die Allerhoogste God wat die gemeente van Koedoesrand terugkyk oor vyftig jare wat verby is. Oral langs hierdie pad wat vyftig jaar lank is, staan die duidelike tekens van God se heerskappy in Jesus Christus oor Sy Kerk.

Ons is dankbaar dat Sy Woord en Gees dit vir ons moontlik gemaak het om vandag nog te kan bestaan as 'n selfstandige gemeente met die wil en die geloof om te bly voortbestaan tot aan die eindtyd toe.

Dank en waardering word betuig aan elkeen wat meegewerk het vir die samestelling en versorging van hierdie blad.

Ds. P. J. van der Merwe

Geset in 10 pt Galaxy Intertype
Litografies gedruk deur die Ned. Herv. Weeshuispers
Posbus 18061, Hercules 0030
Februarie 1975

# Die Geskiedenis van die Gemeente
## Ds. S. J. Botha

**Inleiding:**

In die Noordweste van Transvaal, tussen die Limpopo-, die Magalokwen- en die Palalarivier, lê die gebied wat bekend staan as Koedoesrand. Dit is een van die gebiede in Transvaal wat die allerlaaste bevolk geraak het. Hoewel enkele blankes hulle reeds teen die einde van die vorige eeu in die gebied bevind het, het die daadwerklike bevolking eers gedurende die eerste dekade van die huidige eeu plaasgevind. Die rede vir die laat bevolking van die gebied, was nie maar net die feit dat dit 'n ruwe, harde en ongetemde wêreld was nie, maar ook dat dit 'n ongesonde wêreld was vanweë die gevaar van malaria.

Op die lang duur kon al hierdie gevare nie die geharde en stoere, maar dan tog ook diepgelowige, blanke pioniers afskrik nie. Hulle het dit uitdaging aanvaar om hierdie nuwe, woeste wêreld temidde van baie ontberinge en offers te kom tem en bewoonbaar te kom maak. Saam met hulle het hulle ook die Kerk gebring en aan die Kerk het hulle dwarsdeur al die beproewinge heen bly vashou. Trouens die geesteskrag wat hulle laat volhard het onder die moeilikste omstandighede het hulle in hulle geloof gevind, wat deur die Kerk gevoed en gebou is.

Want dit is inderdaad 'n harde wêreld hierdie. As dit 'n goeie seisoen is en die reën volop, dan behandel hy jou goed: die oes is mooi en groot en jy kan lag. Maar as die reën wegbly en die versengende hitte alles verskroei dan moet jou geloof sterk wees en jou moed groot om nie te vlug nie. En tog is dit 'n wêreld waarvoor 'n mens lief word, jy weet eintlik nie hoekom nie. Vir 'n enkele jaar of wat sal hy vir jou goed wees, jy sal sy rykdom smaak. Maar dan slaan hy jou weer, hy dwing jou op jou knieë, hy breek jou. En tog kry jy hom lief, hy word deel van jou, hy kom in jou bloed.

Dit is Koedoesrand en hier is vyftig jaar gelede die Nederduitsch Hervormde Gemeente gestig.

**Voorgeskiedenis:**

Hoewel die gemeente eers in 1924 'n selfstandige gemeente geword het, het die eerste gebeurtenis wat uiteindelik tot gemeentevorming sou lei, reeds so vroeg as 1907 plaasgevind. In die betrokke jaar is op die Kerkraadsvergadering van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Waterberg van 12 Junie oorgegaan tot die vorming van die gebied tot 'n selfstandige wyk van die gemeente Waterberg. Op die genoemde vergadering is daar naamlik besluit:

> „Br. C. Z. J. Viljoen zal als ouderling en Br. C. J. van Vuuren als diaken worden voorgesteld voor eene nieuw te vormen afdeling in het N.W. van het distrikt, alwaar laatstgenoemd br. woont en br. ouderling Viljoen zich met ter woon, hoopt te gaan vestigen . . ."

Watter grense hierdie nuwe wyk of afdeling sou hê is nie bepaal nie, hoewel dit waarskynlik nie veel verskil het van die huidige grense van die gemeente nie. Na hierdie afdeling is soms verwys as die „Afdeling Krokodilrivier" of sommer net as die „Bosveld".

Hoewel die presiese datum nie vasgestel kon word nie, is daar skynbaar reeds baie vroeg begin om in die gebied minstens een keer per jaar kerkvieringe te hê, in elk geval nie later as 1911 nie. Op die Kerkraadsvergadering van Waterberg van November 1911 word daar byvoorbeeld aan ouderling A. Koekemoer en diaken C. J. van Vuuren opdrag gegee om ds. Goddefroy in Nylstroom te gaan afhaal en hom te versorg met die oog op kerkvieringe in hulle afdeling.

Hierdie kerkvieringe het gewoonlik ook 'n nagmaalsviering, Doop en Belydenis van Geloof ingesluit en meesal is op die plase Tulbach en Worcester vir die kerkvieringe byeengekom. Hierdie kerkvieringe is altyd goed bygewoon deur die lidmate wat van heinde en verre gekom het met wa-en-osse, perdekar of donkiekar. Slegs enkeles kon eers aan die begin van die twintiger jare, motors aanskaf, dan nog bygesê stadige motors.


Die predikant wat die dienste moes lei is gewoonlik op Nylstroom self of êrens op die pad tussen Nylstroom en Koedoesrand afgehaal deur die Kerkraadslede van die afdeling Koedoesrand. Vanweë die stadige vervoermiddele was die reise heen-en terug vermoeiend en het soms dae geduur. Selfs met die motor is bykans twee dae gery vanaf Nylstroom tot by die Kerkplek. Die volgende beskrywing, deur iemand uit Nylstroom in die Hervormer van 15 Augustus 1920, gee 'n tipiese voorbeeld van hoe dit daaraan toegegaan het:

> „Ds. A. J. Barger van Middelburg, die door de konsulent van de gemeente Waterberg was versocht om ditmaal in het bosveld het Heilige Avondmaal te komen vieren kwam daartoe Woensdagavond 7 deser hier aan. Donderdagmorgen vertrok Z. W. Eerw. met broeder G. P. Steenkamp per motorkar van hier, sliepen de nacht in het veld, gelukkig de leeuwen sliepen ook, of waren die nacht verdwaald, ten minste de 170 miljen afstand werd voorspoedig afgelegd, Zodat Vrijdagmiddag om 2 uur zij veilig ten kerkplaatse waren op de

# PREDIKANTE
# 1924 — 1974



Ds. G. P. J. Grobler (Snr.)
1936 - 1943



Ds. N. M. J. S. Heyneke
1952 - 1959



Ds. J. L. van Staden
1959 - 1964



Ds. S. J. Botha
1968 - 1970



Ds. A. D. Botha
1971 - 1972



Ds. P. J. van der Merwe
1974

plaats Tulbach No. 1034. aan de Krokodilrivier van de heer Koos van Vuuren. De opkomst was goed, ja zelfs groter als verwacht was. De prediking was ernstig, het was alsof de Heer zelf an de lippen van de diensknecht des Heren, die hun de aloude maar steeds de altijd nieuwe blijde boodschap des Heiligen Evangelie bracht.

„Een nieuw lidmaat werd aangenomen en bevestigd, terwijl zes kindertjies werden gedoopt."

Daar is dus van sowel die predikante as die gemeentelede moeite en opoffering vereis om die kerkvieringe moontlik te maak. Die indruk bestaan egter dat dit altyd met vreugde en blymoedigheid geskied het. Predikante wat in die jare gereeld besoeke afgelê het en wat elkeen op sy eie wyse invloed gehad het op die lewe van die lidmate in die gebied was ds. M. J. Goddefroy, ds. P. van Drimmelen, di. J. J. Prinsloo, A. J. Barger, S. Vermooten, dr. H. D. van Broekhuizen en dr. J. H. J. A. Greyvenstein. Tot in onlangse jare nog het van die ouer lidmate van Koedoesrand nog met groot waardering vertel van die vroeëre predikante. Natuurlik is ook die besondere eienaardigheidjies, byvoorbeeld 'n besondere wyse van praat of manier van doen, goed onthou. Daaruit het egter juis geblyk dat daar 'n gesonde en hegte band tussen die predikante en die gemeentelede bestaan het.

Die feit dat Koedoesrand so ver van Nylstroom af geleë is het tot gevolg gehad dat die gebied redelik vroeg al 'n sekere selfstandigheid en onafhanklikheid teenoor die gemeente Waterberg getoon het. Die lang afstande het gereelde verkeer bemoeilik en die kerkdienste daar kon maar slegs af en toe bygewoon word. Die jaarlikse Nagmaalsvieringe, Doop en Belydenis van geloof het seker ook daartoe bygedra om die gevoel van selfstandigheid en onafhanklikheid by die lidmate in Koedoesrand te bevorder en te bestendig.

Hierdie selfstandigheid blyk duidelik as daar byvoorbeeld op 8 Julie 1916 selfs gemeentevergadering plaasvind en in die notuleboek van Waterberg aangeteken word dat dit die „Koedoesrand Gemeentevergadering" was. Op díe vergadering is broeder J. P. Snyman as ouderling en broeder J. S. (Oom Fanie) Viljoen as diaken gekies om ouderlinge C. J. J. van Vuuren en A. Koekemoer op te volg as kerkraadslede vir die gebied. Daarna is besluite geneem in sake die byeenbring van gelde vir die bou van 'n kerk te Nylstroom. Daar is besluit dat die diaken moes kollekteer en dat ook in Oktober 1916 'n basaar gehou sou word. Merkwaardig is dat hierdie gemeentevergadering selfs 'n klag in behandeling geneem het en ook daarop die tug toegepas het.

Hoewel hier nog geen sprake was van verbreking van die bande met die gemeente Waterberg nie, is dit tog egter duidelik dat hierdie selfstandige optrede in die afdeling Koedoesrand, die voortekens daarvan was dat die gebied homself al meer sou sien as losstaande van Waterberg en daarom ook geregtig op die status van 'n afsonderlike gemeente.

In 1917 het Koedoesrand by die Kerkraad van Waterberg begin aandring op 'n tweede Nagmaal per jaar. Op 13 Oktober 1917 het die Kerkraad van Waterberg egter hierdie versoek afgewys. In 'n huishoudelike reglement wat die Kerkraad aanvaar het vir die gemeente Waterberg is daarom bepaal dat Koedoesrand wel jaarliks belydenis van geloof mag laat aflê, maar dat slegs een Nagmaal per jaar toegestaan sou word en dat Koedoesrand afdeling self verantwoordelik sal wees vir die koste in verband met die heen en terug vervoer van die predikant. Dit kom voor asof die Kerkraad van Waterberg met hierdie maatreël die gedagtes van selfstandigwording by die Koedoesranders wou demp. In die lig van die kerkbouplanne van Waterberg was dit te begrype dat die kerkraad nie geneë was dat 'n afdeling van die gemeente sou afstig nie.

Die Koedoesranders was blykbaar minder gelukkig oor hierdie besluit van die Kerkraad van Waterberg, met die gevolg dat op 'n Kerkraadsvergadering van Waterberg op 4 Oktober 1918 die gedagte in die vergadering uitgespreek is dat Koedoesrand van plan was om die Ringskommissie te versoek om aan te sluit by Potgietersrus. Daar was wel geen Kerkraadslede uit Koedoesrand self op die betrokke Kerkraadsvergadering teenwoordig nie en hierdie gedagte het blykbaar op gerugte uit Koedoesrand berus.

Op dieselfde vergadering is besluit dat Koedoesrand vir die kerkboufonds moet bydrae volgens die getal lidmate wat daar gewoon het. Die Kerkraad se berekening was dat daar ongeveer 100 lidmate was waarvan 57 belydende lidmate. Diaken Fanie Viljoen het as uitvoering van die besluit van die Kerkraad met 'n donkiekarretjie die hele gebied deurreis om hierdie gelde in te samel.

Hoewel die gedagte van aanskakeling by Potgietersrus nie op daardie tydstip verder gevoer is nie, is dit tog duidelik dat die gedagte van afstigting nou al sterker begin word het.

Vir meer as 'n jaar is nie weer oor die saak gehandel in die Kerkraad van Waterberg nie. Blykbaar het daar nou ook by die Kerkraad van Waterberg nuwe gedagtes n[illegible] in verband met die posisie van Koedoesrand. In Januarie 1920 het 'n versoek van die N.G.



Inwyding van die eerste kerkgebou te Wagendrift kort na die stigting van die gemeente.

# FLITSE UIT DIE VERLEDE



Katkisasieklas 1930.

Drie pare gelyktydig getroud in die kerkgebou te Wagendrift op 26 Junie 1937. Die bruidegoms is P. van der Merwe, C. Viljoen en F. Lee.



en Gereformeerde Kerke van Waterberg voor die Kerkraad gedien dat die drie kerke gesamentlik 'n kerkgebou aan die Palala sou oprig. Die Kerkraad het egter besluit om nie aan hierdie saak mee te doen nie, aangesien hulle eers 'n nuwe kerkgebou te Nylstroom wou oprig en daarna te Koedoesrand. Die gedagte was hier klaarblyklik dat Koedoesrand eers moes help met die oprigting van die kerkgebou te Nylstroom en daarna sou Koedoesrand weer gehelp word met die oprigting van 'n kerkgebou. Daarmee het die Kerkraad by implikasie egter reeds aanvaar dat Koedoesrand op pad na afstigting was. Daar is ook 'n besluit geneem dat die Kerkraad die bouery sou afhandel om eers daarna weer 'n eie predikant na Waterberg, wat op daardie stadium vakant was, na die afsterwe van ds. Van Drimmelen, te beroep.

Op 10 April 1920 het die Kerkraad besluit dat vanweë die uitgestrektheid van die afdeling Koedoesrand, die gebied in twee gedeel moes word en is broeder F. J. Grobler (Oom Frikkie) as ouderling en broeder G. J. Smith as diaken aangewys. Op dieselfde vergadering egter, net later in die dag, het broeder H. L. (Oom Hennie) Joubert namens die afdeling Koedoesrand verslag gedoen van 'n opname wat in die gebied oor afstigting gemaak is, waaruit dit geblyk het dat die lidmate van die gebied afstigting wenslik geag het maar dan „op voorwaarde dat bij eventuele beroeping van 'n predikant te Nijlstroom, Koedoesrand met Nijlstroom sal kombineeren". Die gedagte van afstigting het dus nou finale beslag gekry. Die Kerkraad het hierdie voorstel gesteun „met oog op de verre afstand van Nijlstroom en ook om daardoor gemakliker tot kombinatie met P. P. Rust te komen". Die Kerkraad van Waterberg was dus nie teen die beginsel van afstigting van Koedoesrand nie, maar wou wel dat Koedoesrand en ook Potgietersrus (wat toe self nog nie 'n selfstandige gemeente was nie) saam met Waterberg 'n kombinasie sou vorm met die oog op beroeping.

'n Jaar later, op 25 Maart 1921 het die Kerkraad van Waterberg weer oor die saak gehandel en is op versoek van ouderling Frikkie Grobler besluit

> „dat de Kerkraad zich moet houden aan zijn vroeger genomen besluit om eerst te bouwen en dan te beroepen" en verder dat met die Kerkvieringe te Koedoesrand op 2 en 3 Julie 1921 die gevoele van die Koedoesranders te toets „om te beroepen of zo niet Koedoesrand te helpen om na afstigting 'n zelfstandige gemeente te worden . . ."

Ouderling Grobler wou blykbaar met hierdie versoek verseker dat daar tot 'n duideliker en meer besliste besluit aangaande kerkbou, beroeping en afstigting geneem sou word.

By geleentheid van die betrokke kerkvieringe het die Koedoesranders besluit om wel af te stig, maar dan in kombinasie met Waterberg 'n eie predikant te beroep. Aan die Kerkraadsvergadering van April 1922 te Nylstroom is so kennis gegee. Die bedoeling was nie dat die afstigting dadelik 'n werklikheid moes word nie, maar dit moes eers later geskied.

Op die Ringsvergadering van die Noordelike Ring van 1922 het daar 'n versoek gedien van die lidmate van Potgietersrus om daar 'n afsonderlike gemeente af te stig. Die Vergadering het aan die Ringskommissie opdrag gegee om die gemeente af te stig en

> „de **bestaande kwesties** uit die weg te ruimen."

Hierdie bestaande kwessies, waarna verwys word het blykbaar ook die vraag ingesluit of Koedoesrand as wyk by Potgietersrus aangesny kon word. Koedoesrand was hiermee nie tevrede nie en ouderling Grobler is na die Ringskommissievergadering van Mei 1922 gestuur om die siening van die lidmate aan die Ringskommissie mee te deel. Ouderling Grobler het verklaar dat Koedoesrand: „liewer bij Waterberg willen behoren omdat de Kerkraad hem beloofd heeft te helpen met hun kerkbouw."

Namens Potgietersrus is die saak voor die Ringskommissie verdedig dat Koedoesrand onder Potgietersrus moes resorteer. Die Ringskommissie het daarop besluit om deur middel van 'n kommissie, bestaande uit die broeders Frikkie Grobler en Jan Venter, die gevoel van die Koedoesranders te toets.

> „Is de mederheid er voor om by Waterberg te blijven dan sal de lijn van die nieuwe gemeente zijn de grens van de wyk Koedoesrand. Is de meerderheid er voor om bij P. P.

**Katkisante wat op 13 Junie 1942 belydenis van geloof afgelê het. Afgeneem voor die sink kerkgebou te Wagendrift.**



Konadiesfontein
P.K. Swartwater
6/3/42.

Mnr.

P. van der Merwe (Jnr.)
Eandvogels drift.

Hiermee gee ek u kennis dat u tender vir die maak en lewering van 90000 goeie gebrande stene op die bou terrein van die Hervormde Kerk Koedoesrand teen 'n betaling van £1-2-6 per duisend, aangeneem is

D. G. v d Merwe.

Getuie: [signature]

'n Tender vir stene vir die eerste baksteen kerkgebou word deur die Kerkraad aanvaar op 6/3/1942.

Rust te sorteer dan zal de Palalarivier de grens zijn en verder de Krokodilrivier. De Kommissie zal binnen drie maanden kennis geven aan de scriba van Ring."

Uit hierdie besluit is dit duidelik dat die Ringskommissie geoordeel het, dat Koedoesrand óf 'n wyk van Waterberg óf van Potgietersrus moes wees. Tot afstigting van 'n selfstandige gemeente is hier nie besluit nie. In Koedoesrand is hierdie besluit blykbaar so verstaan dat Koedoesrand nou inderdaad afgesny was van Waterberg en as selfstandige gemeente by Pietersburg aangesny is. Negeen-twintig manslidmate uit Koesdoesrand het hierop 'n petisie by die Ringskommissie ingedien waarin hulle verklaar dat hulle hulle „onderwerp aan de besluit van de Hoog Edele Ring, de sitting gehouden te Pietersburg, om ons af te snij van de gemeente Waterberg aan Pietersburg, als een selfstandige gemeente, met Politieke lijn tusschen Koedoesrand Waterberg en Piet Potgietersrust, zoo wij vraagen ons niet onder P. P. Rust te plaatse, aleen met een combinatie met Pietersburg, met beroep van predikant."

Hoewel dit foutief was dat hulle gemeen het dat hulle nou reeds as selfstandige gemeente afgesny was, is dit tog wel duidelik dat hulle baie gretig was om 'n afsonderlike gemeente te vorm wat alleen ter wille van beroeping van 'n predikant in kombinasie met 'n ander gemeente wou tree. Hulle wou daarom nie slegs 'n afdeling van Potgietersrus wees nie.

Die saak is egter eers weer op die Ringsvergadering van die Noordelike Ring van 29 Maart 1923 bespreek. Intussen het die posisie van Koedoesrand as wyk van Waterberg, onveranderd gebly. In Januarie 1923 het die Kerkraad van Waterberg besluit om nog 'n ouderling en diaken in Koedoesrand aan te wys naamlik broeder Lou van Niekerk as ouderling en broeder G. Oosthuizen as diaken. Die afdeling Koedoesrand het dus toe uit drie wyke bestaan, bedien deur ses kerkraadslede.

Op die Ringsvergadering van Maart 1923 is die saak van afstigting van Koedoesrand weer aan die orde gestel en breedvoerig bespreek. Ds. J. J. Prinsloo, konsulent van Waterberg, het namens Koedoesrand verduidelik.

> „Zij vragen eenvoudig om een zelfstandige gemeente te vormen afgezien van de vraag met wie zij kombinneren in zake beroep. Voor't algemeen belang van de Kerk overweegt men aansluiting by Waterberg."

Na 'n breedvoerige bespreking oor die saak gevoer is, het die Ringsvergadering besluit:

> „om Koedoesrand aan Waterberg te laten en de Kerkraad van Waterberg te vragen Koedoesrand beter te bearbeiden."

Die vergadering het daarmee sy steun toegesê aan die beswaar van ouderling J. P. Prinsloo op die vergadering dat klein gemeentetjies sommer afgestig sou word.

Vir nog 'n jaar het die saak onveranderd gebly. Op die Ringsvergadering van 2 April 1924 het daar egter 'n skriftelike versoek van die afdeling Koedoesrand voor die vergadering gedien waarin weer gevra is om as afsonderlike gemeente erken te word. Ds. J. J. Prinsloo het namens die Kerkraad van Waterberg die woord gevoer en gesê dat die Kerkraad nie teen die voorgenome afstigting was nie, maar dat hulle wel die voorwaarde gestel het dat Koedoesrand hulle proporsionele deel van die skuld moes betaal en ook moes beloof om in kombinasie met Waterberg te beroep.

Ouderling Frikkie Grobler is deur die Ringsvergadering toegelaat om Koedoesrand se saak te stel. Hy het gesê dat hulle wel gewillig was om hulle deel van die skuld te betaal, maar dan het hulle aanspraak gemaak op 'n proporsionele gedeelte van die eiendomme van Waterberg.

Hierop het ds. A. J. Barger, gesekondeer deur ouderling Janson voorgestel:

> „om de Ringskommissie op te dragen de finantiële verhoudingen na te gaan en te regelen en dan naar bevind van saken te handelen en de gemeente Koedoesrand te stichten."

Die Koedoesranders het by monde van ouderling Grobler hulle onmiddellik by hierdie voorstel neergelê. Ds. J. J. Prinsloo was van gedagte dat die afstigting wel toegestaan moes word maar dan op voorwaarde van Waterberg. Vir hierdie standpunt kon hy egter geen steun in die vergadering kry nie en die voorstel van ds. Barger is aanvaar.

Daarmee was die pad nou oop dat die afdeling Koedoesrand nou ook formeel as 'n afsonderlike en selfstandige gemeente afgestig kon word en dan sonder enige voorwaardes ten opsigte van kombinasies wat aangegaan sou word. In die praktyk het Koedoesrand in werklikheid reeds lankal bykans net soos 'n afsonderlike gemeente gefunksioneer.

**Stigting en eerste jare van die Gemeente**

**Koedoesrand:**

Op Saterdag 21 Junie 1924 het 21 mans lidmate en 'n aantal vroue, op die plaas Eendvogelsdrift van broeder Petrus van der Merwe

(Snr.) in 'n waenhuis vergader onder voorsitterskap van dr. H. D. van Broekhuizen, voorsitter van die Noordelike Ring, met die oog op die formele stigting van die gemeente Koedoesrand. Ook teenwoordig was prof. dr. J. H. Greyvenstein, wat op versoek van ds. Barger oorgekom het om die Nagmal te bedien.

Die voorsitter het die vergadering geopen deur 'n rede te hou na aanleiding van 1 Thess. 5:12, waarna tot stigting oorgegaan is.

Eerstens is die grense van die nuwe gemeente vasgestel naamlik:

> „De oude poliktieke lijnen tussen P. P. Rust, Waterberg en Koedoesrand."

Tweedens is oorgegaan tot die verkiesing van ses kerkraadslede, drie ouderlinge nl. F. J. Grobler, J. S. Viljoen en L. van Niekerk asook drie diakens nl. G. J. Smith, M. J. Rossouw en P. van der Merwe (Snr.).

Die naam van die gemeente sou Koedoesrand wees en die Ringskommissie sou 'n konsulent aanwys, aangesien die gemeente nie dadelik sou beroep nie.

Na hierdie handelinge kon die voorsitter, dr. Van Broekhuizen, die gemeente as gestig verklaar.

Hierop het ouderling J. H. Vorster, 'n lid van die Ringskommissie en prof. Greyvenstein die pasgestigde gemeente geluk en sterkte toegewens.

In verband met die Finansiële kwessies tussen Koedoesrand en Waterberg het die gemeente nou op voorstel van ouderling F. J. Grobler besluit

> „dat die gemeenten Waterberg en Koedoesrand wederkerig niets van elkander te eisen hebben zullen."

Op Sondag 22 Junie kon die nuut gestigde gemeente wat uit 257 lidmate, waarvan 104 belydende lidmate was, Nagmaal vier in die waenhuis van diaken Petrus van der Merwe.

Koedoesrand was nou wel 'n afsonderlike gemeente, maar het nie beskik oor 'n eie kerkgebou, 'n pastorie of predikant nie.

Wat 'n eie predikant aanbetref was dit van die begin af duidelik, nog selfs voor afstigting, dat die gemeente nie gou selfstandig sou kon beroep nie. Die Kerkraad het egter dadelik begin en ook voortdurend bly onderhandel, met veral die gemeentes Waterberg en Potgietersrus, met die oog op 'n moontlike kombinasie om te kan beroep. Selfs die gemeente Brits het by geleentheid belang gestel in 'n kombinasie met Koedoesrand met die oog op die beroeping van 'n eie predikant. Dit sou egter nog etlike jare duur voordat so 'n kombinasie aangegaan sou kon word.

Aangesien dit ook duidelik was dat by eventuele beroeping, die predikant of op Potgietersrus of op Nylstroom sou bly, het dit 'n eie pastorie onnodig gemaak en sou dit nog vir baie jare so bly.

Met die hulp van die konsulente kon daar egter nou meer kerkvieringe per jaar plaasvind. Predikante wat in die eerste jare van die gemeente se bestaan waardevolle dienste gelewer het, wat deur die gemeente besonder waardeer is, was dr. H. D. van Broekhuizen, di. Simon Vermooten, J. J. Prinsloo, Jac van der Berg en W. J. Kemp.

Aan die oprigting van 'n eie kerkgebou moes nou egter dringend aandag gegee word. Broeder C. J. J. van Vuuren van die plaas Wagendrift het daar 'n stuk grond aan die gemeente beskikbaar gestel met die oog op 'n kerkgebou. Dadelik is begin met die insameling van fondse en is begin met die oprigting van 'n sinkgebou, wat van binne met hout uitgevoer was. Op 13 November 1926 het ds. Simon Vermooten die hoeksteen gelê en kon die gemeente voortaan in sy eie kerkgebou op Wagendrift vir die Kerkvieringe vergader. By sulke geleenthede het die lidmate op die Kerkplein kom uitkamp en was die gemeente soos een groot gesin byeen. Grensend aan die konsistoriekamer was daar ook 'n pastoriekamer, waar die predikant tydens sy besoek gebly het en een van die ouderlingsvroue moes vir hom vir etes sorg.

Mev. Bunty Holloway Grobler, eggenote van ds. G. P. J. Grobler, het in 1957 'n gedig oor die ou sinkkerk op Wagendrift geskryf waarin sy die verlede in herinnering geroep het. Hierdie gedig gee ook 'n goeie beeld van hoe dit tydens 'n kerkviering daaraan toegegaan het. Die gedig wat in 1957 in die almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk verskyn het, lui soos volg:

**„Wagendrift"**

Die ou Sinkkerk is lank reeds afgebreek
en slegs die vloer en fondamente lê
beenwit en mensgemaak in die diep vrede
en warmte van die ongeskonde Bosveld.

* * *

Al wat gebruik kon word is weggeneem.
Weg is die stil-gewyde atmosfeer,
die boeremaak-preekstoel en die houtpanele
waarmee die mure uitgevoer is, weg
die konsistorie met sy lang ry hakke,
en predikantekamer met sy bed,
die blink-wit deken en die blou gordyne,
die klang van eselklokkies in die nag.

* * *

'n Trop boerbokke wei, op agterpote
klim hul die sekelbosse in, om hoog
die malse groen van nuwe tak en blaartjies
met gulsig reikende bekke by te kom.



Hoeksteenlegging en inwyding van die eerste baksteen kerkgebou op die plaas Buffelsdrif op 13 Februarie 1943. Na tien jaar het hierdie kerkgebou se mure onder die swaar dakwerk ingegee. Die gebou is gesloop en op dieselfde fondasie is 'n saal gebou.

Hoeksteenlegging van die huidige kerkgebou op 26 Oktober 1957. Die skenker van die steen, oudl. P. van der Merwe is hier aan die woord.





Kerkraad met die inwyding van die huidige kerkgebou, 12 April 1958.



Die lidmate kampeer op die kerkplein vir die huidige kerkgebou, 12 April 1958.



Die nuwe kerkgebou word oopgesluit deur mev. ds. Heyneke.



Die destydse leraar ds. N. Heyneke aan die woord tydens die inwyding van die nuwe kerkgebou. Aan sy linkerkant sit ds. G. P. J. Grobler en aan sy regterkant sit dr. A. J. G. Oosthuizen.

Rondom staan groter bome — dáár was nog
die kampplek van Oom Frikkie en Tant Ellie,
dié was Oom Lou en dáár Oom Jan se plek
(hul almal rus reeds in die Bosveldgrond).

* * *

Die toegegroeide askol? Hier't Oom Alwyn,
die kampvuur Sondagaande aangesteek
('n hele wavrag hout), en die gemeente
het laat gesellig om die gloed verkeer.

* * *

Die bome is hier nog, en hier en daar
'n rooibospaal, vas ingeplant. Opsy
die kremetartboom, met 'n jagterskuiling
groot soos 'n kamer in sy oergroot stam.

* * *

Massief, die kremetartboom
'n beeld van baie eeue.
Die brokkelende fondament —
'n Voetspoor van die Ewigheid.

**— Bunty Holloway-Grobler**

'n Koster en orreliste moes nou ook aangewys word. As koster is broeder H. L. (Oom Hennie) Joubert aangewys en hy sou hierdie werk baie pligsgetrou en nougeset vir bykans 25 jaar lank doen, totdat hy in 1949 opgevolg is deur broeder Petrus van der Merwe (jnr.).

Die orreliste wat aangestel is was Tant Ellie Grobler (soos almal haar geken het), eggenote van ouderling Frikkie Grobler. Ook sy het vir 'n hele aantal jare hierdie pos gevul en is in 1935 opgevolg deur broeder A. P. Botha.

Die kerkgebou was nou wel daar, maar die banke in die kerk sou voorlopig selfs vir etlike jare nog agterweë moes bly. Ook die, so nodige boorgat, kon nie dadelik gesink word nie. Die rede hiervoor was die tekort aan fondse. Tye was moeilik en geld was skaars. Telkens moes die Kerkraad maar weer uitstel om oor die boorgat en die kerkbanke te praat, trouens die kerkraad het soms moeite ondervind om die minimale bedrag wat aan die algemene Kerkkas verskuldig was, te betaal. So het die Kerkraad byvoorbeeld aan die einde van 1930 met kommer kennis geneem dat daar slegs 4 pennies (± 3 sent) in die bank was, terwyl die skuld £20 (R40) beloop het. Die 3/9 (± 35c) heffing per lidmaat kon eenvoudig nie betaal word nie. Om die posisie te verbeter is besluit om die gemeente te versoek om in die toekoms £1 (R2) per manslidmaat en 10/- (R1) per vrouelidmaat, per jaar by te dra.

Die depressiejare het egter tog wel verbygegaan en gaandeweg het die finansiële posisie van die gemeente verbeter. 'n Boorgat kon gesink word en 'n kommissie is gekies om fondse in te samel met die oog op kerkbanke. Op 7 November 1936 kon broeder Piet Grobler, voorsitter van hierdie kommissie rapporteer dat £100 vir die doel ingesamel is, dat die nodige hout bestel is en dat gehoop word om die banke gereed te hê by die Nagmaalsvierings van Maart 1937. Hier in is wel geslaag en kon die Kerkraad met blydskap kennis neem dat daar selfs nog £40 oorgebly het, nadat al die kostes in verband met die banke betaal is. Veral is dank en waardering uitgespreek teenoor broeders Hendrik en Fanie Viljoen vir die maak van die banke.

Met die balans van £40 kon die ligte in die Kerkgebou verbeter word en kon selfs 'n mat aangekoop word vir die gangetjie tussen die banke.

Dat die gemeente dit in daardie jare moeilik gehad het, het egter nie veroorsaak dat die gemeente maar net vir homself gaan leef het sonder om hom oor ander gemeentes van die Kerk te bekommer nie. Die moeilike jare en skaarste aan geld ten spyt, het die gemeente nog iets bymekaar gebring om hulp te verleen aan die gemeentes in die Kerk waar dit baie nodig was, soos byvoorbeeld in Natal. Ook het die gemeente aan die poging van die Kerk meegedoen om fondse in te samel sodat „Die Hervormer" gratis versprei kon word.

Die finansiële sorge van die dae het gelukkig nie die Kerkraad van sy verantwoordelikheid vir die geestelike belange van die gemeente laat vergeet nie. Die ouderlinge het gereeld huisbesoek gedoen en in moeilike gevalle het hulle mekaar geraadpleeg. Dikwels is ouderlinge Frikkie Grobler en Petrus van der Merwe as kommissie deur die Kerkraad gestuur om die probleemgevalle op te los. Verder is daar ook van tyd tot tyd gepoog om die konsulent te kry om huisbesoek in die gemeente te doen. Op die wyse is die gemeente se geestelike belange in orde gehou.

Namate die finansiële posisie van die gemeente verbeter het, het die begeerte om 'n eie predikant te beroep, al sou dit ook voorlopig in kombinasie moes wees, al sterker geword. In hierdie verband is die onderhandelinge met die gemeente Potgietersrus weer hervat. Uiteindelik is aan die begin van 1936 tot 'n kombinasieooreenkoms gekom met Potgietersrus en Messina. Wat Koedoesrand aanbetref, was die gemeente verantwoordelik vir £100 bydrae tot die traktement asook die reiskoste van die predikant vir sy kerkwerk in die gemeente. Die predikant sou vyftien Sondae per jaar aan Koedoesrand behoort en sou ook in die hele gemeente huisbesoek moes doen. Die kombinasieooreenkoms tussen Potgietersrus en Koedoesrand sou vir vyf jaar geld en die predikant sou op Potgietersrus woon.

Na die ooreenkoms bekragtig is, is 'n beroep uitgebring op die jong proponent G. P. Grobler. Op 7 Maart 1936 kon die Kerkraad van

Koedoesrand met groot vreugde kennis neem van die besluit van prop. Grobler om die beroep aan te neem en met groot opgewondenheid is uitgesien na die koms van hulle eerste predikant, twaalf jaar na die afstigting.

**Die Diensstyd van ds. G. P. J. Grobler 1936-1943:**

Op 14 Junie 1936 kon die gemeente met groot vreugde en blydskap hulle jong, en toe ook nog ongetroude predikant ontvang. Al dadelik het predikant en gemeente mekaar gevind en het daar 'n noue verbondenheid tussen predikant en gemeente ontstaan, wat gedurende die hele dienstyd van ds. Grobler sou voortbestaan. Ook toe mev. Grobler bygekom het, is hulle beide deur die gemeente hartlik ontvang en op die hande gedra.

In die twaalf jaar sedert afstigting het die gemeente konstant gegroei, sodat met die aankoms van ds. Grobler die gemeente reeds 570 lidmate, waarvan 258 belydende lidmate, getel het, wat bedien is deur ses ouderlinge en ses diakens. Hierdie groei in getalle was nie net die gevolg van die natuurlike aanwas van die gemeente nie, maar is ook toe te skryf aan die feit dat die gebied steeds digter bevolk geraak het asgevolg van intrekkers wat van elders gekom het.

Met die koms van ds. Grobler het dit beteken dat die gemeente nou meer gereeld eredienste en bearbeiding deur 'n predikant sou geniet. Dit het ongetwyfeld daartoe bygedra dat ook op die finansiële gebied daar nou groei en vooruitgang gekom het. So kon die kassier broeder A. van der Heever, wat in 1937 by broeder J. J. Diederiks oorgeneem het, vroeg in 1938 verklaar, dat die gemeente nou uiteindelik die tradisionele tekort omgesit het in 'n krediet van £98.

Intussen het verwikkelinge plaasgevind wat dit vir die Kerkraad al duideliker laat word het, dat hulle die ingrypende stap sou moes doen om die Kerkgebou na Swartwater te verskuif. Die groeiende kindergetalle aan die Unitasskool het die Kerkraad laat besef dat die Kerkgebou nader aan hierdie konsentrasiepunt behoort te staan. Met die oog hierop moes daar natuurlik grond op Swartwater bekom word.

Reeds op 9 Junie 1934 het broeder C. Coetzee op 'n gemeentevergadering die voorstel ingedien om grond op Swartwater aan te koop en 'n kommissie bestaande uit die broeders Petrus van der Merwe, C. Coetzee en Piet Grobler is aangewys om met die heer D. Hall oor grond op Swartwater te onderhandel.

Vanweë die onderhandelinge oor die kombinasie en die beroeping van 'n eie predikant, is die saak vir 'n jaar vertraag. In Maart 1938 het die Kerkraad besluit, nadat die onderhandelinge met die eienaar van die plaas Swartwater nie die gewenste resultate opgelewer het nie, om met meneer A. (Groot) Maree te onderhandel vir die aankoop van 'n stuk grond van die plaas Buffelsdrif, wat aan Swartwater, direk aan die grond van die N.G. gemeente gegrens het. Ouderlinge D. G. van der Heever en Petrus van der Merwe is as kommissie aangewys om met mnr. Maree te onderhandel.

Die onderhandelinge het geslaag en die stuk grond (die huidige kerkgrond) van ongeveer 38 morg is aangekoop teen 'n bedrag van £1 per morg. Op 10 September 1938 kon die Kerkraad opdrag gee dat die grond omhein sou word en dat 'n boorgat gesink sou word. Terselfdertyd is 'n boufonds in die lewe geroep en daar is besluit om kontant en beeste te kollekteer vir die doel. Aan die einde van hierdie besluit staan dan opgeteken: ,,Die eeufeesjaar sal die begin vorm van die nuwe kerk.'' Op die wyse is die Kerkgebou wat hulle sou oprig, gesien as 'n teken van die noue verbondenheid van die Hervormers van Koedoesrand met die verlede van die Afrikanervolk, wat in 1938 met die simboliese ossewatrek en hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument, juis daardie verlede in herinnering kon roep.

Hoewel dit met die insameling van fondse vir kerkbou voorspoedig gegaan het, kon met die kerkbou self eers 'n paar jaar later begin word. Op 13 Junie 1942 kon ouderling D. G. van der Heever aan die Kerkraad rapport doen dat 90 000 stene wat benodig is, gemaak en gelewer is teen £1-2-6 per duisend. Met die bouwerk kon dus nou begin word. 'n Boukommissie is aangewys bestaande uit ouderlinge D. G. van der Merwe, Lou van Niekerk en Petrus van die Merwe, diaken H. L. Joubert, ds. G. P. J. Grobler, asook die broeders G. Bezuidenhout, C. Oosthuisen en F. Maree. As opsigter oor die bouwerk is broeder J. J. Diederiks teen 16/- per dag aangewys. Die werk sou deur kerkraadslede en gemeentelede self gedoen word sonder enige vergoeding. Die susters is op hulle beurt versoek om te sorg vir die etes. Op die wyse is daar verseker dat die boukoste so laag as moontlik gehou is en het die gemeente self sy kerkgebou opgerig.

Met die bouwerk is so fluks gevorder dat die gemeente op Saterdag die 13de Februarie 1943 byeen kon kom vir die hoeksteenlegging gehou om 2.30 nm. waarna ds. G. P. J. Grobler die hoeksteen, wat deur hom en broeder Gys van Niekerk geskenk is, gelê het. Om 6.30 nm. het ds. Simon Vermooten die inwydingsrede gelewer.

So kon die gemeente haar tweede kerkgebou betrek, hoewel die gebou by inwyding

Die N.H.S.V.-tak vier haar vyf-en-twintigste verjaarsdag.



So het die program gelyk.

1924 1974

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

GEMEENTE KOEDOESRAND

JUBILIEUMFEES

22 en 23 JUNIE 1974

**SATERDAG 22 JUNIE 1974**

10:45 vm. Opening en Verwelkoming.

11:00 vm. Huidige Tendense in Kerk en Wêreld teen die agtergrond van die Kerkgeskiedenis.

12:00 Ete

2:00 nm. Drs. S. J. Botha aan woord oor die geskiedenis van die gemeente.

3:00 nm. Tee

3:30 nm. Gelukwense en groete.

(a) Die Algemene Kerkvergadering

(b) Die Ringsvergadering

(c) Ander gemeentes

(d) Gereformeerde Kerk Koedoesrand

(e) N.G. Gemeente Koedoesrand

5:00 nm. Braaivleis

★

**SONDAG 23 JUNIE 1974**

11:00 vm. Erediens gelei deur ds. G. P. J. Grobler (snr.) Eerste predikant van die gemeente in kombinasie

2:00 nm. Erediens gelei deur ds. N. M. Heyneke Eerste predikant van die gemeente

3:00 nm. Bedankings Br. G. v.d. Merwe

nog nie heeltemaal afgerond was nie. As gevolg van die Tweede Wêreld Oorlog was sommige materiaal moeilik bekombaar. As gevolg daarvan is die kerk ingewy terwyl daar nog geen ruite ingesit was nie, en die gebou ook nog nie geverf was nie. In elk geval het die gemeente nou 'n meer doelmatige en ook 'n meer permanente kerkgebou gehad as die te Wagendrift.

As gevolg van die feit dat die gemeente self al die bouwerk onderneem het, is 'n groot besparing meegebring en kon 'n gebou vir nog geen £1 500 (R3 000) nie opgerig word, wat anders in die omgewing van £4 000 (R8 000) sou kos. Belangriker egter was dat kontant gebou is en dat selfs 'n groot balans oorgebly het nadat alle uitgawes gedek is.

By die oprigting van die Kerkgebou het ouderling D. G. van der Heever 'n baie belangrike en leidinggewende rol gespeel. Geen moeite en geen opoffering was vir hom te groot ter wille van sy kerk nie en alles het hy gedoen sonder betaling. Onopgemerk het dit nie verbygegaan nie en daarom het die Kerkraad na afhandeling van die werk as blyk van waardering aan hom 'n goue sakhorlosie as geskenk gegee.

Die feesstemming van die inwyding was nog in die lug, toe die gemeente die teleurstellende nuus moes verneem dat ds. Grobler na 'n dienstyd van sewe jaar besluit het om 'n beroep na die gemeente Ermelo aan te neem. Dit sou die einde beteken van 'n tydperk waarin die gemeente Koedoesrand, onder leiding van ds. en mev. Grobler, gegroei en gebloei het.

Nie alleen is in hierdie tyd die kerkgebou opgerig nie, maar veral belangrik was die gereelde en getroue bearbeiding deur ds. Grobler met die oog op die opbouing van die geloof van die gemeente. Die gemeente het hierdie bearbeiding hoog waardeer en dit het ongetwyfeld ook groot vrug gedra.

Onder leiding van ds. Grobler is die goeie verhouding met die Ned. Ger. Kerk uitgebou en het ook 'n gesonde gesindheid tussen die gemeente en die onderwysinrigtings tot stand gekom. Aan die weeskinders van die Kerk is ook gedink en in die winter van 1941 het die gemeente 200 kinders van die Nederduitsch Hervormde Weeshuis wat by die Tugelabadjies uitgekamp het, vir die hele skoolvakansie, versorg.

Nog 'n belangrike saak wat gedurende die dienstyd van ds. Grobler aangepak is, was die aanlê van 'n begraafplaas op die Kerkgrond. Oorspronklik het die Kerkraad besluit om twee morg grond vir die doel af te staan. Met die Ned. Ger. Kerk is onderhandel of hulle gewillig was om direk aangrensend aan die van die Ned. Hervormde Gemeente ook 'n stuk grond af te staan sodat 'n gesamentlike begraafplaas aangelê sou word. Ongelukkig het hierdie saak van 'n gesamentlike begraafplaas nooit werklikheid geword nie. In elk geval het die Kerkraad besluit dat die begraafplaas vir alle blanke persone oop sou wees.

Op 11 Oktober 1943 het ds. en mev. Grobler afskeid geneem van die gemeente Koedoesrand. Die skriba broeder G. J. Smith het namens die Kerkraad en die gemeente 'n afskeidswoord aan ds. en mev. Grobler gerig en die volgende gesê:

> „Met die koms van ds. Grobler was ons nog in Wagendrift in 'n sinkgebou, en na sy diens van sewe jaar het ons grond gekoop hier en 'n nuwe kerkgebou opgerig, met sy hulp sonder enige skuld. Ons as gemeente kan ds. Grobler dankbaar daarvoor wees en ons beste wense vergesel hom en sy gade na Ermelo."

Op die wyse het die verbintenis tussen ds. Grobler en die gemeente Koedoesrand, as predikant en gemeente tot 'n einde gekom.

**'n Lang Vakature 1943 tot 52:**

Met die vertrek van ds. Grobler het die kombinasie tussen Potgietersrus en Koedoesrand ook tot 'n einde gekom. Die kombinasie wat in 1936 vir 'n tydperk van vyf jaar aangegaan is, is in 1941 hernu vir 'n onbepaalde tyd. Ds. Grobler se vertrek het egter die einde van die kombinasie beteken en dit sou ook nooit weer hernu word nie.

Hoewel die gemeentes Nylstroom, Ebenhaeser en ook Van Warmelo, Koedoesrand genader het inverband met 'n kombinasie, het die Kerkraad ander gedagtes op die saak nagehou. Die Kerkraad het die oog daarop gehad om alleen 'n eie predikant te beroep. Met die oog hierop het die Kerkraad op voorstel van ouderling D. G. van der Heever besluit om 'n fonds te stig vir die oprigting van 'n pastorie. Die gemeente het dit so goed gevind en kollektante is vir elke wyk aangewys. Vanweë 'n knellende droogte, iets wat eie is aan hierdie wêreld, het die fondse maar baie stadig ingekom en sou dit lank duur voordat genoeg ingesamel sou wees om met die bouwerk te kon begin.

Behalwe die kollektes in die wyke is ook gereeld basaars gehou, waar veral ook die sustersvereniging hulle deel bygedra het, om fondse in te samel. In die loop van 1947 is die argitek Hendrik Vermooten gevra om planne op te trek vir die oprig van die gebou en in 1948 het oudl. D. van der Heerver opdrag gekry van die Kerkraad om 50 000 stene te laat maak.

Terselfdertyd is 'n boukommissie, bestaande uit die broeders D. G. van der Heever, P. Snyman, G. J. Smith, H. P. du Toit en F. Maree, aangewys.

Na die ontvangs van tenders is deur die boukommissie besluit dat die tenders te hoog was en dat die werk self aangepak sou word. Dit sou die gemeente na raming ongeveer £500 op die koste bespaar. Behalwe vir die finale afronding en verfwerk, was die gebou wat 'n raps meer as £3 000 gekos het, teen die einde van 1950 klaar. Ongelukkig kon die gebou nie sonder skuld gebou word nie en in die loop van 1951 is nogeens allerlei pogings aangewend om die skuld afgewerk te kry. Hierin kon wel geslaag word en daarom kon die Kerkraad begin dink aan die beroep van 'n eie predikant.

Die jare van herderloosheid het egter nie beteken dat die gemeente verwilder geraak het nie. Onder die konsulentskappe van di. W. M. Wolmarans, P. W. A. Bierman, Simon Vermooten en dr. P. J. T. Koekemoer, is voortgebou op die hegte fondamente wat gelê is. Veral het die Kerkraad voortdurend aandag gegee aan die kinders van die gemeente in die Sondagskole.

Die Kerkraad het egter besef dat nie langer uitgestel kon word om te beroep nie en het derhalwe daar ernstig aandag aan verleen, nadat die pastorie bewoonbaar geword het. Daar is gepoog om met Ebenhaeser tot 'n kombinasie te kom, wat nie geslaag het nie. Die Kerkraad het egter besluit om alleen voort te gaan en te beroep op die volgende voorwaardes: Traktement £500, lewenskoste £256 en reiskoste £300. Agtereenvolgens is ds. N. J. van Schalkwyk van Christiana en dr. P. J. T. Koekemoer van Pietersburg beroep, sonder sukses.

Op 26 Januarie 1952 het die Kerkraad daarop 'n beroep uitgebring op proponent N. M. J. S. Heyneke. Tot groot vreugde van die gemeente het prop. Heyneke besluit om die beroep aan te neem.

**Die Dienstyd van ds. N. M. J. S. Heyneke 1952-1959:**

Op 'n snikhete 23 Februarie 1952 is proponent Heyneke georden en kon die gemeente die eerste inwoners van die pastorie in die persone van ds. en mev. Heyneke, ontvang. Dit was 'n gulle en hartlike ontvangs want vir die gemeente was dit 'n groot en belangrike gebeurtenis waarna hulle baie jare reeds uitgesien het. Veral vir die groepie lidmate wat agt-en-twintig jaar tevore met groot verwagting die gemeente afgestig het, was die koms van ds. en mev. Heyneke 'n gebeurtenis wat hulle met groot dankbaarheid vervul het.

Om hulle pastoriepaar te ontvang en hulle te laat tuisvoel het 'n groot groep gemeentelede hulle tegemoet gery en hulle naby Baltimore ontmoet. Dit het inderdaad 'n onuitwisbare indruk gemaak op die jong proponent en sy eggenote.

Dit was egter duidelik dat daar hard gewerk sou moes word deur predikant en gemeente om sake goed te kan laat verloop. Daar was wel geen skuld nie, maar volgens die kassier, broeder A. L. van der Heever, was daar slegs £1-1-3 in die bank.

Wat hulle aangetref het, het ds. Heyneke later so beskryf:

> „Die gemeente het wel 'n kerkgebou gehad en 'n pastorie terwyl lasgenoemde halfklaar was. Die mure was vaal en ongeverf en daar was nog geen gaas aangebring nie. Die gronde was oop en kaal, sonder enige plante behalwe twee knoppiesdoringbome op die pastoriegrond waarvan een sedertdien uitgehaal is. Die kerkgronde het slegs 'n paar klein Rooibosboompies gehad wat weinig koelte kon verskaf. Daar was wel water, maar geen elektrisiteit nie."

As eerste inwonende predikant, het ds. Heyneke dus tog ook nog pionierswerk moes doen om die wêreld rondom die Kerk en Pastorie bewoonbaar te maak. Met groot ywer en bekwaamheid het hy en mev. Heyneke die uitdagings aanvaar en die hoof gebied. Ook die lidmate, wat so lank op 'n eie predikant gewag het, het nie op hulle laat wag nie en hulle deel gedoen.

Kort na die aankoms van ds. Heyneke het een van die langste diensdoende kerkraadslede en ook skriba sedert die afstigting van die gemeente, broeder G. J. Smith, besluit om die tuig neer te lê. Vir 28 jaar was hy ononderbroke skriba van die gemeente, 'n posisie wat hy met groot nougesetheid en onderskeiding beklee het. Sy opvolger was broeder Machiel Riekert.

Nie lank na die bedanking van die skriba nie, het ook die kassier broeder A. L. van der Heever besluit om uit te span. Hy het toe 'n dienstermyn van veertien jaar agter die rug gehad en is opgevolg deur broeder J. H. Visagé.

Dat die gemeente nou alleen 'n eie predikant moes dra, het natuurlik meegebring dat voortdurend aan die gemeente hoër finansiële eise gestel is as in die verlede. Daarom was deegliker beplanning van die gemeente se finansiële sake 'n noodsaaklikheid. Die verantwoordelikheid hiervoor kon egter nie langer by een persoon alleen, naamlik die kassier, berus nie. Nou was daar veral een persoon wat hierdie nuwe situasie goed begryp en deursien het en ook met 'n konstruktiewe voorstel gekom het en dit was broeder Piet Visagé. Op die

Kerkraadsvergadering van 12 Julie 1952 het hy sy planne aan die Kerkraad voorgelê en dit met soveel oortuiging verdedig dat die Kerkraad en die gemeente dit aanvaar het. Sy voorstel was dat daar 'n finansiële kommissie in die lewe geroep moes word, bestaande uit agt lede nl. die predikant as voorsitter vier lede uit die Kerkraad, en drie lede uit die gemeente, terwyl die skriba, koster en kassier, adviserende lede sou wees. Die kommissie se verantwoordelikhede sou uitsluitlik wees om oor die finansies van die gemeente te waak en die Kerkraad by te staan met raad en advies waar finansiële sake ter sprake sou kom.

Hoewel daar miskien die beswaar geopper kan word dat die kommissie ietwat groot en lomp was, was die beginsel waarom dit gegaan het goed en moet dit gesien word as een van die bydraende faktore wat die gemeente later, toe dit nodig was, met vertroue groot finansiële verpligting op hulle kon laat neem. Vir hierdie vêrsiendheid van broeder Piet Visagé, verdien hy die dank en waardering van die gemeente. Die eerste Finansiële Kommissie het bestaan uit ds. Heyneke, ouderlinge L. Horn en H. van Aarde, diakens F. J. Grobler en H. Viljoen, asook die broeders P. Visagé, P. Venter en P. Nortjé, terwyl die kassier( toe nog broeder A. L. van der Heever), die koster (broeder P. van der Merwe Jnr.) en die skriba ook sitting gekry het.

Dat hierdie maatreëls om die finansiële sake van die gemeente gesond te hou tydig getref is, het duidelik geword toe die Kerkraad in 'n spesiale vergadering van 14 Januarie 1953 met 'n skok moes verneem dat die Kerkgebou gevaarlik vir gebruik geword het. Die timmerasie van die Kerkgebou, wat nog geen tien jaar oud was nie, was blykbaar te swaar vir die mure, met die gevolg dat ernstige barste en skeure ontstaan het, wat die moontlikheid van ineenstorting baie groot gemaak het. So ernstig was die situasie dat besluit is om die Nagmaalsvieringe liefs op die basaarterrein onder seile te laat plaasvind. Dit was duidelik, groot finansiële verpligtinge het op die gemeente gewag.

Met groot vertroue egter het die Kerkraad besluit om die saak aan te pak. Op voorstel van ouderling L. Horn, gesekondeer deur diaken Jan Jones is eenparig besluit:

> „om die kerkgebou te sloop en die materiaal tesame met die basaartimmerasie om te skep in 'n gebou wat goedkoop dog duursaam sal wees; sodat ons die tydperk kan oorbrug tot ons gebou het en daarna kan dit diens doen as basaarterrein en vir funksies."

Hierdie voorstel het dus geïmpliseer dat die bestaande kerk gesloop sou word en 'n saal opgerig sou word en daarna ook 'n nuwe kerkgebou opgerig sou word. Dit was wel 'n hoë ideaal, maar met 'n eie predikant in sy midde het die Kerkraad die saak met geloof en durf aangepak. Dadelik is 'n boufonds in die lewe geroep en die eerste £50 het gekom van 'n persoon buite die gemeente nl. die heer W. Smit.

Teen April 1953 was die Kerk reeds afgebreek en is die oprigting van 'n saal, op die vloer van die kerk, goedgekeur. Terselfdertyd is ook toestemming verleen aan die wyke rondom Marken om 'n deel van hulle fondse aan die N.G. Kerk beskikbaar te stel met die oog op die oprigting van 'n kerksaal aldaar. Vir die Hervormde lidmate sou dan ook in die saal diens gehou kon word.

Betekenisvol was ook die oprigting van 'n eie gemeenteblad in 1953 deur ds. en mev. Heyneke. Met 'n afrolmasjien wat deur die N.H.S.V. aangekoop is, is die blad aanvanklik afgerol. Later egter is „By die lamplig", soos die blad genoem is, deur die Ned. Herv. Weeshuispers gedruk. Met hierdie blad is in 'n lank gevoelde behoefte voorsien en die gemeentelede het uitgesien na elke volgende uitgawe wat kwartaalliks verskyn het.

In Oktober 1953 kon die Finansiële Kommissie rapport lewer dat die saal voltooi is teen 'n koste van £500. Daarmee het die gemeente ook weer 'n geskikte kerkplek gehad, totdat 'n nuwe kerk gebou kon word. Die kerkboufonds het intussen ook gegroei en is reeds oor 'n bedrag van £779-10-10 aan kontant en £2 051 aan beloftes, beskik. Ds. Heyneke self het veral baie gedoen in hierdie verband. Om die fonds vinniger op te stoot is ossies gekoop en later weer verkoop.

Op die Kerkraadsvergadering van 26 Maart 1955 het die Kerkraad besluit dat die boufonds so 'n stadium bereik het, dat 'n boukommissie benoem kon word om met die beplanning te begin. Op die kommissie is benoem ds. Heyneke, en die broeders L. Horn, A. van der Heever, P. Visagé en Kosie van Vuuren. Hulle het opdrag ontvang om die argitek Hendrik Vermooten te nader oor planne vir die nuwe kerk. Die volgende vereistes is gestel:

> „Die Kerk moet vir 400 siplekke hê, 'n gallery, plek vir 'n pyporrel en 'n toring."

Die Boukommissie het geen gras onder hulle voete laat groei nie en het reeds op die volgende Kerkraadsvergadering van 25 Junie 1955 verslag gedoen. Nadat hulle verskeie kerke besigtig het, was hulle van oordeel dat 'n „Vermootenkerk" nie geskik sou wees vir Koedoesrand se klimaatsomstandighede nie.

Derhalwe is die argitek Bosman genader en hy het 'n meer geskikte kerkplan aan die hand gedoen.

Op dieselfde Kerkraadsvergadering het broeder J. H. Visagé bedank as kassier en is hy opgevolg deur broeder Piet Visagé wat hierdie werk tot in 1970 met die grootste getrouheid en nougesetheid gedoen het.

Op die sewende April 1956 kon die gemeente kennis neem dat die boufonds na £7 806 geklim het en is daar ook goedkeuring verleen aan die sketsplanne vir die nuwe kerk, soos voorgelê deur argitek Bosman. Die aanvang van die bouwerksaamhede het dus vir die gemeente nou nader gekom.

Intussen was die kerkplein dikwels die toneel van groot bedrywigheid. Talle gemeentelede het gekom met trekkers, sleepwaens en ander handehulp om die terrein gereed en skoon te kry en om ook bome aan te plant en al die kampplekke, waar elke huis se tent kon staan, netjies te orden.

'n Volgende stap in verband met die kerkbou is geneem, toe die gemeente op 26 Januarie 1957 op voorstel van broeder J. Henrico, gesekondeer deur broeder Hennie Joubert opdrag gegee het dat met die bouery begin moes word en dat ook 'n lening van nie meer as £5 000 nie aangegaan kon word. Op 1 Mei het die Ned. Herv. Weeshuisbouers 'n aanvang gemaak met die werk, wat na beramig £18 000 sou kos, en op 26 Oktober 1957 het ds. N. M. J. S. Heyneke die hoeksteen, geskenk deur ouderling Petrus van der Merwe, gelê.

Op 12 April 1958 kon die gemeente byeenkom vir die inwyding van die nuwe kerkgebou wat inderdaad 'n sieraad en trots vir die gemeente Koedoesrand is. Vir die hele naweek het die gemeente feesgevier. Op die kerkplein het hulle uitgekamp, elkeen in sy tent. Op Vrydag 11 April is basaar gehou en vleis gebraai.

Saterdag om 2.00 nm. het ds. A. J. G. Oosthuizen die inwydingsrede gehou, waarna verskeie instansies gelukwensinge oorgebring het. Dieselfde aand het ds. G. P. J. Grobler die voorbereidingsdiens gehou en is 'n aantal nuwe lidmate deur ds. Heyneke bevestig.

Op Sondag 13 April om 10.00 vm. kon die gemeente vir die eerste keer aan die Nagmaal gaan in die nuwe kerk, waar die diens gelei is deur ds. W. M. Wolmarans. Die middag om 3-uur is die doopdiens behartig deur ds. J. M. Labuschagne, terwyl ds. Heyneke self die dankdiens om 6.00 nm. gelei het.

Uiteindelik het die gemeente Koedoesrand nou, 34 jaar na afstigting, 'n werklik doelmatige, stewige en ook sierlike kerkgebou gehad. Aan die lede van die Boukommissie is elkeen, as 'n blyk van waardering, 'n gesangeboek gegee en aan ds. Heyneke is 'n maand ekstra verlof toegestaan vir sy reuse aandeel aan al die werksaamhede.

Die nuwe kerkgebou het egter ook 'n nuwe skriba gebring aangesien broeder Machiel Riekert besluit het om te bedank en diaken Jan Jones by hom oorgeneem het. Vir twaalf jaar het hy die werk gedoen tot hy in 1970 afgetree het.

Die kerkgebou het uiteindelik nie die geraamde £18 000 gekos nie, maar wel £27 000. Die gevolg was dat daar na die inwyding van die kerkgebou nog 'n skuldlas van £8 000 op die gemeente gedruk het. Die hoër koste is meegebring deur allerlei onvoorsiene uitgawes. Die gemeente het egter besluit om die uitdaging te aanvaar en ook hierdie skuldlas so gou moontlik af te werk.

Na sowat sewe en 'n half jaar diens, het ds. Heyneke egter besluit om 'n beroep na die gemeente Duncanville aan te neem. Op 20 Junie 1959 het hy sy losmaking van die gemeente ontvang en het hy en mev. Heyneke afskeid geneem van die gemeente.

By die vertrek van ds. en mev. Heyneke, was die gemeente Koedoesrand egter 'n gevestigde gemeente. Die gemeente het beskik oor 'n eie sierlike kerkgebou, 'n behoorlike saal en 'n pastorie. Die gemeente het by die afskeid groot dank uitgespreek teenoor ds. en mev. Heyneke, vir hulle aandeel aan die arbeid en sweet om dit alles moontlik te maak.

**Dienstyd van ds. J. L. van Staden 1959-1964:**

Na die vertrek van ds. Heyneke, het die Kerkraad op 5 Julie 1959 'n beroep uitgebring op ds C. J. van Jaarsveld van Sannieshof. Hoewel die beroep nie suksesvol was nie, het die Kerkraad met die volgende beroep wat 12 September 1959 op ds. J. L. van Staden van Mafeking uitgebring is, geslaag. Op 25 Oktober kon ds. en mev. Van Staden verwelkom word en is ds. Van Staden bevestig.

Die gemeente was dus gelukkig genoeg om gou weer 'n predikant te kry na slegs 'n kort vakature. Daaroor was daar groot vreugde. Dit het verseker dat die gereelde bearbeiding van die gemeente deur 'n predikant kon voortgaan.

Ongelukkig egter het daar vir die gemeente nou 'n aantal baie moeilike jare aangebreek aangesien 'n knellende en verwoestende droogte die Koedoesrandse gebied in sy greep gekry het. Finansieël het dit al moeiliker met die gemeente begin gaan. Gedurig was die Kerkraad vol kommer oor fondse om die noodsaaklike uitgawes te kon betaal. Uitgawes moes besnoei word en die eerste saak wat in die slag gebly het was toe die Kerkraad in 1960 moes besluit dat die gemeenteblad „Die Lamp-

lig" voorlopig nie meer sou verskyn nie. (Die voorlopig het uiteindelik permanent geword.)

Aan die kerkskuld kon op die stadium ook niks gedoen word nie. Die finansiële beleid was hoofsaaklik om genoeg fondse bymekaar te kry om die lopende uitgawe te dek, asook die rente op die lenings. Op die lang duur egter het dit selfs moeilik geword om slegs die lopende uitgawes te kon dek en was die Kerkraad derhalwe verplig om oortrekkingsfasiliteite by die bank aan te vra vir R7 000, wat selfs later oorskry is.

Die poging van ds. Van Staden om by elke huisgesin 'n bees vir die kerkskuld te kollekteer was ongelukkig ook nie baie geslaag nie, omdat die gemeentelede nie bereid was om te gee nie, maar omdat die beespryse vanweë die knellende droogte besonder laag was.

Asof die droogte nie genoeg probleme opgelewer het nie, het verskeie ander lastige sake ook in die tyd kop uitgesteek. Dit het geblyk dat die waterverkoelingsisteem van die Kerkgebou nie aan die verwagings voldoen het nie. Die gevolg was dat die Kerkraad in 1961 noodgedwonge moes besluit om die saak maar te laat vaar. Verder het dit ook geblyk dat daar 'n ernstige fout aan die dak van die Kerkgebou bestaan het wat toe ook reggestel moes word.

Die orrel het ook nie na wense gefunksioneer nie en heelwat probleme is met orrelbouer Ganser ondervind om die fout reg te stel.

Al hierdie moeilikhede en probleme ten spyt, het die ander gemeenteaktiwiteite egter tog nog voortgegaan en is die bearbeiding en versorging van die gemeente getrou en nougeset deur ds. Van Staden verrig.

'n Saak wat veral die aandag van die Kerkraad geniet het, was die tekort aan predikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk. By die oorweging van skrywes wat in die verband van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ontvang is, het die Kerkraad die saak met groot erns benader en na weë gesoek om hulle deel te kan doen. Toe Frikkie Beytel hom in die tyd vir die Teologiese Studie bereid verklaar, was die Kerkraad dus onmiddelik bereid om hulp aan te bied. Hy sou egter nie die eerste student in die teologie uit Koedoesrand wees nie. Reeds tevore is studente A. D. Botha en N. C. J. Brayshaw, wat toe nog besig was met die studie, al finansiël ondersteun. Aldrie hierdie studente het intussen predikant geword terwyl daar op die huidige tydstip 'n verdere twee studente, nl. Paul Kern, en Hendrik Breytenbach in die voorlaaste studiejaar verkeer. In die verband het Koedoesrand dus nie agtergebly nie.

Wat die heffings aan die administrasie van die Kerk betref is gepoog om altyd op datum te bly. By geleentheid moes noodgedwonge om uitstel gevra word, maar op die lang duur is alle verskuldigde bedrae tog vereffen.

Die knellende finansiële posisie van die gemeente, het natuurlik aan die kassier vele hoofbrekens besorg. Gedurig moes broeder Piet Visagé maar planne aan die hand doen, mooipraat en soms selfs hard praat. Trou het hy op sy pos gebly en voortdurend gepoog om die gemeente en Kerkraad aan te moedig om te volhard. Dit was vir hom nie aangenaam om in April 1964 aan die gemeente bekend te moes maak dat, behalwe die leningskuld, die oortrekking op R8 000 gestaan het nie. Die finansiële posisie van die gemeente het dus kritiek begin raak.

Na 'n dienstyd van bykans vyf jaar het ds. Van Staden besluit om 'n beroep na Leeudoringstad op te volg en in Augustus 1964 het hy en mev. Van Staden afskeid geneem van die gemeente. Vir beide die gemeente en die predikantspaar was die afskeid minder aangenaam juis omdat 'n noue verbondenheid tussen beide bestaan het. Om hulle waardering teenoor ds. en mev. Van Staden te betoon is aan hulle drie adresse oorhandig nl. een van die gemeente, een van die N.H.S.V. en een van die Sondagskool.

Op Sondag 9 Augustus 1964 het ds. Van Staden sy afskeidspreek gelewer met 1 Kor. 3:6-7 as teks.

**'n Vakature van meer as drie jaar:**

By die vertrek van ds. Van Staden uit die gemeente was dit duidelik dat daar ernstig aandag aan die verbetering van die finansiële posisie van die gemeente gegee sou moes word voordat weer beroep kon word. By die Kerkraadsvergadering van 31 Oktober 1964 moes die kassier rapporteer dat die gemeente se skuld R23 000 beloop het. Onrusbarend egter was die feit dat die inkomste slegs sowat een-derde van die verwagte uitgawes was. Daarom het die Kerkraad besluit om die Ringskommissie te versoek om uitstel vir drie maande te verleen voordat weer beroep sou word.

By die volgende vergadering van die Kerkraad op 15 Desember 1964 is weer ernstig oor die saak besin. Die Kerkraad het gevoel dat die gemeente te veel skade ly op geestelike gebied en dat, al is dit ook hoe moeilik, om tog maar te beroep. Ds. W. J. Bezuidenhout van Naboomspruit is beroep, maar hy het egter bedank.

By die eerste Kerkraadsvergadering van die jaar 1965, op die sesde Februarie, is die hele saak weer lank en ernstig bespreek. Die droogte het nou reeds meer as vyf jaar geduur en vele boere is op hulle knieë gedwing. Talle





Onthulling van die 50 jarige bestaansgedenknaald. Ds. P. J. van der Merwe lees Psalm 105. Van links na regs agter staan diak. P. A. Schoeman, ouderlinge J. Viljoen, S. J. Prinsloo, G. van Emmenis, P. van der Merwe, diak. J. Coertse en oudl. N. J. Prinsloo.

VAN LINKS NA REGS: Twee vorige predikante van die gemeente, di. S. J. Botha en A. D. Botha. Die huidige predikant ds. P. J. van der Merwe, die eerste predikant van die gemeente in Kombinasie met Potgietersrus, ds. G. P. J. Grobler. Heel regs is prof. dr. A. D. Pont, spreker tydens die Feesvierings.

Die gedenknaald.
50 jaar.





21-6-1924
21-6-1974

Mev. ds. G. P. J. Grobler (Bunty Holloway) besig om 'n gediggie oor die ou sinkkerk op Wagendrift voor te dra tydens die Feesvierings.

. . . So het ons fees gevier.





lidmate, waaronder ook Kerkraadslede wat baie jare steunpilare in die gebied was, moes trek om elders 'n heenkome te vind. Tussen 1964 en einde 1967 het die getalle gekrimp met meer as 300 lidmate waarvan ongeveer 140 belydende lidmate was. Vir die Kerkraad was dit duidelik dat die 1965 seisoen, wat toe reeds bykans verby was, nie meer hoop gebied het nie. Teesinnig moes die Kerkraad die besluit neem om die Ringskommissie te versoek om die standplaas tydelik op te hef. Die versoek is deur die Ringskommissie toegestaan tot minstens einde 1966.

Vir die volgende drie jaar was die gemeente aangewys op die bediening deur verskillende konsulente nl. di. G. J. van Staden, L. A. Nel en A. N. J. D. Alberts. Met al hierdie predikante was daar goeie hartlike samewerking.

Om die gemeente se finansiële posisie te verbeter het niemand meer gedoen as die kassier broeder Piet Visagé nie. Sy gedagte was dat ten minste die oortrokke bankrekening van R8 000 weggewerk moes word en dat verder gepoog moes word om 'n goeie reserwe op te bou voordat weer beroep word. Hy het planne aan die hand gedoen en 'n groot basaar georganiseer wat in Julie 1965 plaasgevind het. Hierdie grootse poging het 'n bedrag opgelewer wat baie naby aan die doelwit van R8 000 gekom het. Dit het egter groot offers van die gemeente gevra aangesien die droogte nog onverpoosd voortgeduur het en aan die opbou van 'n reserwefonds kon voorlopig niks gedoen word nie.

In die loop van 1966 het dit vir die Kerkraad ook duidelik geword dat die ou tradisie dat gemeentelede met Nagmaaltyd nog op die kerkplein kom uitkamp het, nie meer werklik bestaan het nie. Slegs enkele gesinne het nog daarmee volgehou. Daarom het die Kerkraad besluit dat al die ongebruikte stowe en pale verwyder moes word. Dit was 'n half hartseer oomblik toe die Kerkraad dit moes besluit omdat dit ook in Koedoesrand die einde aangekondig het van 'n baie ou tradisie onder die Afrikaners.

Die begeerte om weer 'n eie predikant te kon beroep het steeds bly leef en al sterker begin word. Herhaalde male is op die Kerkraadsvergaderings oor die saak gehandel en by geleentheid is die gemeente ook deur die wykskerkrade oor hulle gevoel in die verband gepols. Die meerderheid se gedagte was dat nog gewag moes word met die beroeping. Daar is selfs die moontlikheid bespreek om met die gemeente Ebenhaezer onder ds. L. A. Nel te kombineer. Die besluit was egter daarteen.

Aan die begin van 1967 het die Kerkraad van die Ringskommissie kennis gekry dat nie langer uitstel verleen word nie, en dat die Kerkraad moes beroep. Die Ringskommissie het aanbeveel dat by die Hulpbehoewendegemeentefonds (tans Fonds om Gemeente Opbou) om hulp aangeklop moes word. Toe die Kerkraad uit die fonds hulp ten bedrae van R100 per maand aangebied is, is besluit om weer te beroep. Op 2 September 1967 is die eerste beroep uitgebring op ds. J. H. Viljoen van Marikana, wat egter nie geslaag het nie. Op 22 Oktober 1967 is 'n tweede beroep uitgebring en wel op ds. S. J. Botha van Randpoort, wat die beroep aangeneem het.

**Die Dienstyd van ds. S. J. Botha Januarie 1968 tot Augustus 1970:**

Op 13 Januarie 1968 kon die gemeente na die lang vakature weer 'n eie predikantspaar ontvang in die persone van ds. en mev. S. J. Botha. Die snikhete Saterdagmiddag het die ontvangs plaasgevind in die Landbousaal en dieselfde aand is die bevestigingsdiens gelei deur ds. A. N. J. D. Alberts. Op Sondag 14 Januarie het onder groot belangstelling die intreepreek gevolg na aanleiding van 1 Korinthiers 1:23.

Gedurende die bedieningstyd van sowat twee en 'n half jaar wat gevolg het, was daar veral twee aangeleenthede wat van besondere betekenis was.

Die eerste was die feit dat die N.H.S.V. Koedoesrand in 1968 hulle vyf en twintigste bestaansjaar kon herdenk. Onder leiding van mev. ds. S. J. Botha is 'n fees gereël wat op Saterdag 26 Oktober 1968 in die landbousaal plaasgevind het. By die geleentheid is 'n groeteboodskap oorgebring deur mev. prof. J. I. de Wet namens die N.H.S.V. hoofbestuur, terwyl ook boodskappe oorgedra is deur verteenwoordigers van die Kerkraad, die twee susterskerke en die onderwysinrigtings. Vir die N.H.S.V.-tak was dit 'n besondere mylpaal en met dankbaarheid is gedink daaraan dat die tak wat in 1943 deur sowat elf lede gestig is in 1968 'n groot en sterk tak was waaraan byna al die susters van die gemeente behoort het.

Die tweede gebeurtenis was dat die gemeenteskuld teen die einde Maart 1970 volkome afgelos is. Met groot offervaardigheid het die gemeente bygedra sodat die sowat R13 000 betaal kon word, sodat die gemeente op daardie stadium sonder enige skuld was. Vir almal was dit 'n heuglike dag, omdat die Kerkgebou wat elf jaar tevore ingewy is, nou daadwerklik sonder enige skuld was. In ootmoedige dankbaarheid het die gemeente op Sondag 12 April 1970 bymekaar gekom in 'n spesiale dankdiens.

Die afbetaling van die skuld was vir die skuld was vir die gemeente in 'n sekere sin tog ook 'n lag met 'n traan. Aan die een kant was die gemeente verheug omdat hulle nou skuldvry was, aan die anderkant egter het daar hartseer gekom omdat beide die kassier, diaken Piet Visagé, en die skriba ouderling Jan Jones, besluit het dat dit vir hulle die oomblik was waarop hulle moet uitspan omdat hulle ideaal bereik is. Uit erkentlikheid is aan elkeen 'n Bybel en gesangeboek oorhandig. Tot hulle opvolgers is gekies diaken Hannes Coertze en H. P. R. Duvenage, onderskeidelik.

Op 25 Julie 1970 het ds. Botha aan die Kerkraad bekend gemaak dat hy besluit het om 'n beroep na die gemeente Boksburg te aanvaar en op 30 Augustus 1970 het die gemeente van ds. en mev. Botha en hulle gesin afskeid geneem.

**Dienstyd van ds. A. D. Botha 1971 tot 1972:**

Na 'n kort vakature van enkele maande het die Kerkraad geslaag met 'n beroep wat uitgebring is op 29 November 1970 op proponent A. D. Botha.

Op 24 Januarie 1971 is proponent Botha deur sy swaer ds. W. J. Bezuidenhout georden en is ds. en mev. Botha deur die gemeente ontvang.

Vir die gemeente was dit 'n besondere gebeurtenis omdat ds. Abel Botha oorspronklik 'n seun van die gemeente was.

Ds. Botha se dienstyd het egter nie baie lank geduur nie en op 19 November 1972 het hy afskeid geneem om na die gemeente Elsburg te vertrek.

**Dienstyd van ds. P. J. van der Merwe 1974:**

Na die vertrek van ds. A. D. Botha is die gedagte geopper dat die gemeente nie weer beroep nie, maar moet soek na 'n kombinasie. Die Kerkraad het egter besluit om selfstandig te bly beroep en prop. D. J. Muller is beroep. Hy het egter nie die beroep aangeneem nie. Nadat 'n jaar verloop het, waarin gereeld gehandel is oor die vraag of daar beroep moet word en of die gemeente maar in kombinasie moet gaan, het die Kerkraad tog uiteindelik besluit dat die gemeente nie sy selfstandigheid moet prysgee nie en op 2 Desember 1973 is proponent P. J. van der Merwe beroep, wat ook die beroep aangeneem het.

Op 13 Januarie 1974 is hy georden en is hy en mev. Van der Merwe ontvang as die 6de predikantspaar van die gemeente.

## SLOT

Vyftig jaar van gemeentewees lê vir die gemeente Koedoesrand agter die rug. Dit was jare met dieptepunte maar tog ook hoogte punte; met smart en droefheid, maar ook vreugde en blydskap. Veral egter was dit tog ook vyftig jaar waaruit die trou en genade van die ewige Verbondsgod afgelees kan word. In dankbare erkentlikheid teenoor Hom kan die gemeente terugkyk; in vaste geloofsvertroue op Hom kan die gemeente die toekoms tegemoet gaan.

**Ds. S. J. Botha**

## AMPSDRAERS WAT DIE GEMEENTE IN DIE AFGELOPE 50 JAAR GEDIEN HET

### Ouderlinge

F. J. Grobler.
J. S. Viljoen.
P. van der Merwe.
P. S. Nortje (Snr.).
D. G. van der Heever.
P. G. Snyman.
B. Trichardt.
L. J. Smith.
A. Vermooten.
J H. Kok.
F. Venter.
J de Meyer.
M. J. Riekert.
A. J. N. Nortjé.
H. Fouche.
J. du Plessis.
C. Pistorius.
D. J. Venter.
G. van Emmenis.
J. Viljoen (Jnr.)
J. Kluyts.
I. J. J. van Vuuren (Jnr.)
D. Gouws.
P. van der Merwe (Jnr.)
A. H. Grobbelaar.
S. J. Prinsloo.
L. van Niekerk.
G. Steenkamp.
I. J. J. van Vuuren (Snr.)
L. J. J. van Wyk.
J. H. Henrico.
G. Bezuidenhout.
H. van Aarde.
L. A. Horn.
J. Erasmus.
M. J. Gouws.
J. van Staden.
L. Kloppers.
C. S. J. Viljoen.
C. Bothma.

J. Minnaar.
W. du Plessis.
P. J. Venter.
A. du Plessis.
H. P. Marx.
H. L. van Rensburg.
A. van der Heever.
J. Jones.
E. du Plessis.
H. C. Joubert.
J. Oosthuizen.
J. van Staden.

## Diakens

M. J. Rossouw (Snr.).
G. Smith.
D. G. van der Heever.
H. L. Joubert.
L. J. J. van Wyk.
P. Potgieter.
G. Steenkamp.
J. H. Henrico.
H. P. du Toit.
S. Coetzee.
P. Pienaar.
J. H. Kok.
A. du Plessis.
H. Scheepers.
A. J. N. Nortje.
J. Fourie.
H. Viljoen.
W. Nortje.
P. van Emmenis.
Machiel Riekert.
Manie Kotze.
R. C. Britz.
P. Venter.
C. Pistorius.
N. Nel.
C. Venter.
W. Kern.
L. van Rensburg.
H. Potgieter.
J. Klazinga.
I. J. J. van Vuuren (Jnr.).
T. G. Fourie.
J. Teesen.
W. S. J. Botha.
P. Visagé.
D. Horn.
C. P. de Lange.
J. Oosthuizen.
H. Coetzee.
P. van der Merwe (Snr.).
J. J. Diederiks.
H. Stoop.
P. Gouws.
S. van Emmenis.
J. H. Prinsloo.
D. S. du Toit.
L. J. Smith.
H. van Aarde.
W. Barwise.
G. van der Merwe.
J. Pietersen.
W. Small.
J. Jones.
B. F. Henrico.
B. Beyer.
J. J. Viljoen.
F. Grobler (Jnr.).
Marthinus Riekert.
L. Lootz.
J. Roux.
G. van Vuuren.
A. van der Heever.
C. Viljoen.
A. Koekemoer.
G. van Emmenis.
H. Gouws.
C. Greyling.
D. P. Bierman.
P. Rossouw.
P. G. Jordaan.
J. Herbst.
N. J. Janse van Rensburg.
P. van der Merwe (Jnr.).
J. H. Visagé.
Z. Coetzee.
D. Snyders.
H. S. Blignaut.
W. Rossouw.
P. S. Nortje (Jnr.).
J. Coertze.
D. van der Westhuizen.
M. J. Rossouw.
S. P. van Greenen.
P. J. Burger.
C. J. Muller.
T. F. Joubert.
A. G. S. Pienaar.
R. van Niekerk.
O. A. J. de Meyer.
H. P. R. Duvenhage.
A. J. N. Nortjé (Jnr.).
J. Stander.

## Predikante

Ds. G. P. J. Grobler 1936-1943.
Ds. N. M. J. S. Heyneke 1952-1959.
Ds. J. L. van Staden 1959-1964.
Ds. S. J. Botha 1968-1970.
Ds. A. D. Botha 1971-1972.
Ds. P. J. van der Merwe 1974-

**Skribas**

G. J. Smith 1924-1952.
M. J. Riekert 1952-1958.
J. Jones 1958-1970.
H. P. R. Duvenhage 1970-1973.
P. Schoeman 1973-

**Kassiers**

G. J. Smith 1924-1929
P. J. Gouws 1929-1931
J. J. Diedericks 1931-1938
A. van der Heever 1938-1952
J. H. Visagé 1955-1970
J. F. Coertze 1970-

**Kosters**

H. L. Joubert 1926-1949
P. van der Merwe (Jnr.) 1949-1966
H. S. Blignaut 1966-

**Orrelistes**

Ellie Grobler 1924-1936
A. P. Botha 1936-1948
L. J. C. Kloppers 1948-1958
Mev. ds. M. M. J. S. Heyneke 1958-1959
L. J. C. Kloppers 1959-1964
S. Horn 1964-1966
M. van Vuuren 1966-

**MET DIE INWYDING VAN DIE KERK IS DIE VOLGENDE GESKENKE ONTVANG**

1. N.H.S.V. Koedoesrand — Orrel.
2. W. du Plessis en gesin — Preekstoel.
3. I. J. J. van Vuuren — Toringklok.
4. P. van der Merwe — Hoeksteen.
5. Waterberg Handelshuis — 2 18 vt. banke.
6. Bosveld Koöp. Handel Bpk. — Nagmaal tafels en nagmaal servies.
7. Mnr. W. G. J. Mentz — 1 9 vt. bank en 1 stoel.
8. Mathewson Bros. en Neilson — 1 14 vt 6 dm. bank.
9. Gilbertsons Garage — 1 14 vt 6 dm bank.
10. Diak. N. J. Nel — 1 14 vt 6 dm bank.
11. Unitas Sentrale skool — Doopvont.
12. A. L. v.d. Heever — 2 18 vt banke.
13. P. v.d. Merwe (Jnr.) — Voorlesersbank.
14. J. H. v.d. Ende — 1 6 vt bank.
15. Oudl. J. A. du Plessis — 1 6 vt 3 dm bank.
16. P. J. H. Viljoen — 1 6 vt 3 dm bank.
17. J. O. Trollipe — 1 6 vt 3 dm bank.
18. P. van Staden — Kansellap.
19. J. H. v.d. Linde — 1 9 vt bank.
20. Diak. P. W. S. Venter — 1 9 vt bank.
21. J. S. Viljoen (oom Fanie) — 1 9 vt bank.
22. Jannie Viljoen — Kanselstoel.
23. Mev. J. H. Gouws — 1 stoel.
24. P. J. Visagé en gesin — 8 stoele.
25. W. G. Smit — 1 9 vt skerm.
26. G. Diederichs — 1 9 vt bank.



# Om terug te kyk en om vooruit te kyk

**(Iets oor Psalm 104 en Openbaringe 21)**

## Prof. dr. B. J. Engelbrecht

Die lente is 'n wonderlike seisoen. Dit breek sommer skielik aan. Die één dag toe was dit nog winter, maar die volgende dag dan weet almal dat die lente gekom het. Hulle weet dit uit die lentelug wat hulle inasem, uit die geheim van groei, bloeisels en blare en van nuwe lewe wat ooral sommer skielik daar is.

Die seisoen van lente het dan ook vanweë die geheim van nuwe lewe, groei en ontwaking en óók vanweë die skoonheid daarvan in bome, blomme, blare en reën deur die eeue in feitlik alle tale van die mooiste digkuns in die hele wêreld voortgebring. Die natuur in al sy skoonheid en wonderbaarlikheid is pragtig besing.

Maar as 'n mens mooi na die pragtige lenteliedere luister wat die ontwaking van die natuur tot nuwe lewe en tot skoonheid en groei besing, dan merk ons diep agter en binne daardie liedere iets van die weemoed en verlange van die mens. Die mens word weemoedig wanneer hy sien hoe dat alles in die natuur elke lente nuut gemaak word, maar weet dat die mens stadigaan ouer word en dat sy lewe verbygaan. Die vernuwing in die natuur herinner die mens daaraan dat hy elke dag nader aan sy eie einde beweeg waar daar geen vernuwing wag nie, maar die dood.

In die Bybel kom die skoonheid van die skepping en die wonder van die nuwe lewe en groei met elke lente ook in 'n hele aantal liedere ter sprake. So vind ons in Psalm 104 die pragtige lied van die skepping waar daar o.a. in vers 30 gesê word dat God met elke lente sy lewegewende Gees uitstuur ,,om die gelaat van die aarde nuut te maak.''

Maar as ons mooi na die lenteliedere van die Bybel luister, dan merk ons dat dit nie ,,die Natuur'' is wat daar besing word nie, maar die majesteit, die heerlikheid, krag en wonderdade van God. ,,Die Natuur'' kom in die Bybel gladnie ter sprake nie; die Bybel praat van ,,die Skepping van God'' en dan op so 'n wyse dat nie ,,die Skepping'' besing word nie, maar **dat God besing word** wat die skepping so wonderlik en mooi geskape het en so wonderlik voort laat loop. So is ,,die lied van die skepping'' in Psalm 104 eintlik nie 'n lied van die skepping nie, maar 'n lied oor die Skepper en 'n lofprysing van sy krag. Dit is **Hy** wat die hemel uitspan soos 'n tentdoek, wat van die wolke sy wa maak, van die winde sy boodskapper en van die weerligstrale sy dienaars; **Hy** stuur die fonteine uit en laat die berge drink uit die waters van die wolke; **Hy** laat die gras uitspruit en open sy hand om alles te versadig; **Hy** stuur sy Gees uit om met die lente alles wonderlik te laat herleef, te laat groei en mooi te laat wees: **Hy** vorm die dag met sy sonskyn en die nag met sy sterreprag en **Hy** laat die takbokke lam en versadig die jong leeus. Ja, dit gaan eintlik oor God en Sy werke: daarom: ,,Loof die Here, o my siel, Here my God, U is baie groot'' (vers 1). ,,Hoe talryk is U werke, o Here! U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van u skepsele.'' (vers 24.)

'n Verdere opvallende verskil tussen die mooi lenteliedere van die mense en díe van die Bybel, is dat daardie weemoed waarvan ons by die mense se lenteliedere gepraat het, by die Bybel se lenteliedere nie voorkom nie. In die Bybel is dit nie so dat die vernuwing van alles met die koms van die lente die mens aan sy eie veroudering, verganklikheid en einde herinner nie. Veeleer wys die vernuwing en skoonheid van elke lente in die Bybel heen na daardie groot en finale vernuwing van alles by die wederkoms van Christus. Pragtig praat Openbaringe 21 van die nuwe hemel en die nuwe aarde waar Hy wat op die troon sit sê: ,,Kyk Ek maak alles nuut!'' In die Bybel herinner elke lente aan die ewige lente van God wanneer ,,God al die trane van ons oë sal afvee'' en waar ,,daar geen dood meer sal wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie.'' (Openbaringe 21:4.)

Ook wanneer u gemeente sy halfeeufees vier, dan kyk 'n mens terug. Dan kan dit so maklik gebeur dat 'n mens treurig en weemoedig word as jy dink aan die dae toe alles nog mooi en jonk was. Maar die bybel leer ons om nie weemoedig en treurig te wees nie. Wat die verlede betref moet ons dankbaar wees: dankbaar teenoor God vir seëninge. Wat die toekoms betref mag ons vas vertrou op God se goedheid, liefde en leiding, maar bowenal moet ons wanneer ons terugkyk en sien hoe verganklik alles is, vorentoe kyk na die groot vernuwing wat God tot stand sal bring, na die oneindig-mooi en ewig-nuwe lente van God.

**Prof. dr. B. J. Engelbrecht**

# Huidige tendense in Kerk en wêreld teen die agtergrond van die Kerkgeskiedenis

Prof. dr. A. D. Pont

**Inleidende Opmerkings**

Seker een van die opvallendste kenmerke van ons tyd is die neiging om die verlede te vergeet en die geskiedenis te minag. Dikwels lees en hoor mens dat die geskiedenis en die verlede vergeet moet word, dat ons in 'n nuwe tyd lewe waarin alles ánders geword het en waarin die geërfde beginsels en die saamgevatte kennis van die verlede waardeloos sou wees. Geskiedenis en die kennis van die verlede word dan so min meer gelykgestel met alles wat onbruikbaar, stowwerig-oud en vervelig is. Alleen die hede rojeer toekoms, so word gesê, is ons aandag werd want dit is die nuwe, die interessante.

In hierdie tyd en in hierdie situasie leef die gemeente van Jesus Christus op aarde. Die gemeente, as 'n godsdienstige gemeenskap, is in baie opsigte 'n merkwaardige verskynsel. Sentraal in die gemeente én in sy geloof staan die Bybel, 'n stokou boek. Die jongste dele van die Bybel is al byna 2 000 jaar oud terwyl die oudste dele van die Bybel só ver teruggaan in die grys-ver verlede dat ons nie altyd die spore presies kan volg nie.

Selfs ons interpretasie, ons verstaan van die Bybel is al oud. Want basies word die inhoud van die Bybel vir ons saamgevat deur die Belydenisskrifte van die Kerk en ook daardie Belydenisskrifte is een vir een al ouer as 350 jaar.

As ons verder gaan, kan ons daarop wys dat hierdie gemeente wat nou sy vyftigjarige bestaan vier eintlik baie ouer as dit is. Die wortels van hierdie gemeente lê dáár ver terug in die middel van die sewentiende eeu toe Jan van Riebeeck nie alleen die volksplanting gevestig het nie maar ook die calvinistiese, hervormde Kerk aan die suidpunt van Afrika geplant het.

Só kan hierdie gemeente sy geskiedenis vér terugvoer. Die historiese lyn van hierdie gemeente loop so, deur die eeue heen, terug tot by die Kruis van Jesus Christus. En dwarsdeur al daardie eeue het die Kerk bestaan as die „moeder van die gelowiges", die draer van die evangelie van God wat, hoewel dit 'n ou boodskap is, altyd weer nuut is omdat dit die boodskap van die ewige God is, 'n boodskap van sonde en genade, van oordeel en verlossing, van ontferming én dankbaarheid.

As die gemeente in hierdie dae feesvier, gaan ons gedagtes vanself vérder terug as net 1924 toe hierdie gemeente gestig is. Ons gedagtes gaan terug oor die hele verlede en ons kom tot die besef dat dit nie óns goedheid of voortreflikheid is dat ons vandag hierdie fees belewe nie. Dit is te danke aan God, die Heer van die Kerk wat Kerk én gemeente bewaar het by sy Woord en gehou het onder die vleuels van Sy beskerming.

Só gesien, is dit duidelik dat die gemeente en die Kerk tog 'n ander inhoud het as die wêreld waarin die Kerk en die gemeente leef. Die belangrike vir die gemeente is die evangelie, die boodskap van Gods Koninkryk, die toewyding aan Sy diens.

Terselfdertyd besef ons ook dat ons Kerk en ons gemeente 'n eie geskiedenis en 'n eie verlede het. Want ons Kerk en gemeente staan nie in 'n lugleegte nie en verkondiging Sy boodskap ook nie sommer so in die bloute in nie. Ons Kerk en ons gemeente is 'n Afrikaanse Kerk in die midde van die Afrikanervolk. Ons Kerk en sy gemeentes is hulle daarvan bewus dat die Kerk vir sy Afrikanerlidmate 'n „moeder van die gelowiges" is wat met liefde en deernis omsien na sy lidmate in die wêreld. Daarom verkondig die Kerk die evangelie, die ou Godswoord, só in die wêreld dat dit vir die lidmate van die Kerk inderdaad 'n lig voor hulle voet en 'n lamp op hulle pad is en sal wees. Daarom neem die Kerk kennis, of behóórt hy kennis te



neem, van alles in die wêreld om oor alles die lig van Gods Woord te laat val. Want die Kerk weet, en die lang geskiedenis van die Kerk bevestig dit ook, dat die Kerk alleen standhou, alleen 'n hede én 'n toekoms het, as die Kerk én sy lidmate lewe in die geloof, lewe na die eis en die reël van Gods Woord. Dáárdie Woord is die blywende in die voortdurend-verbygaande.

Dit is teen dié agtergrond wat ons die tema moet verstaan waaroor ons vanmôre met mekaar wil praat. Die huidige tendense, die teenswoordige geestesstrominge wat ons in die wêreld raaksien, moet ook in en deur die Kerk beoordeel word.

**Huidige tendense in Kerk en wêreld**

As ons met mekaar oor **die huidige tendense** in die Kerk en die wêreld praat, dan is dit duidelik dat daar baie dinge is waaroor ons met mekaar kan praat. Daar is egter één tendens, één primêre gedagterigting wat na my mening grondliggend is ten opsigte van ál die strominge en tendense van ons tyd. Dit is, so sien ek dit, die geroep na **verandering,** die eis tot **totale struktuur-verandering** nie net in die Kerk nie maar ook in die wêreld.

Wat beteken dit? Sonder om nou in té veel besonderhede daaroor uit te wy, kan ons sê dat dit die omvattende poging is om die hele Christelike, westerse beskawing af te skaf of te vernietig en om 'n ánder lewensorde, 'n ander beskawingsnorm daar te stel. Hierdie struktuurverandering wil nié net ons demokratiese lewensvorm, soos ons dit ken; nie net die ekonomiese orde waaraan ons gewoond is; ons sosiale, maatskaplike lewenspatroon verander nie maar ook die Christelike godsdiens afskaf en die Christelike agtergrond én ondergrond van ons hele bestaansorde vernietig.

Dit is natuurlik nie die eerste keer in die geskiedenis dat so iets na vore kom nie. In die sestiende eeu is die grondslae gelê van die denkpatroon wat in ons dae soveel vaart gekry het. Destyds is, in verset teen die Kerk van daardie dae, teruggegryp na die lewensopvatting, die gedagtes, die lewensfilosofie van die ou, heidense Grieks-Romeinse wêreld wat ondergegaan het toe die Christendom in die Romeinse Ryk getriomfeer het. Hoewel dié gedagtes en denkbeelde in die sestiende eeu nie baie sterk na vore kom nie, is daar 'n saad gesaai wat 'n oes van bloed en trane opgelewer het.

In die sestiende eeu het die magtige beweging van die Kerkhervorming en die daaropvolgende kerklike stryd ál die aandag van die mensdom in Europa opgeëis. Eers aan die einde van die agtiende eeu het die gedagtes van die Humanisme 'n nuwe vaart gekry en in die Franse Rewolusie as 't ware tot ontploffing gekom. Ná daardie rewolusie is die filosofie, die lewens- en wêreldbeskouing waarop die rewolusie gebou is, dwarsoor Europa uitgedra en gepopulariseer deur Napoleon. Hierdie krygshaftige veldheer het met sy leërs en kanonne nie alleen die aangesig van Europa verander nie maar óók die gedagtes én die harte van die mensdom verander. **Vryheid, gelykheid en broederskap** het die slagkreet van die tyd geword. Die mens sélf het die maat van alle dinge geword. Tekenend van die gees van dié tyd was dat tydens die Franse rewolusie 'n jong meisie as die „Koninging van die Rede" in een van Parys se oudste kerkgeboue gekroon is.

Nié die God van die Bybel nie, nié die gehoorsaamheid aan sy Woord nie, nié die geloof in die evangelie van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, moet die motiverende dryfkrag en die koers van die mens se lewe wees nie, maar die mens self. Met sy verstand, met sy redelike denke moet die mens vir homself hier op aarde die hoogste mate van geluk, van vrede, van vreugde skep want na die dood is daar vir die mens geen toekoms meer nie.

Met groot optimisme is geglo dat die mens werklik in staat is om sélf op aarde 'n paradys te bou. Want as daar geen God is nie dan is daar ook nie so-iets soos sonde nie. Die swaar pessimistiese beoordeling van die mens deur die Heilige Skrif dat diem ens 'n sondige. verkeerde wese is, van nature geneig om God en sy naaste te haat, is totaal verwerp. Die optimistiese siening dat die mens self met sy redelike denke alles kan regkry wat hy wil, was die alles-oorheersende lewensgevoel.

Hierdie lewensgevoel het nie net in die wêreld geleef nie maar óók in die Kerk. Talle teoloë en kerkleiers het moeite gedoen om die Bybelse boodskap aan te pas by hierdie optimistiese lewens- en wêreldbeskouing van die 18e en 19e eeu wat so totaal in stryd met die boodskap van die Bybel is.

In ons eie geskiedenis het ons kennis daarvan hoe daar kerklike mense was wat in naam van die evangelie hierdie heidense opvattings uitgedra het. 'n Mooi voorbeeld daarvan vind mens byvoorbeeld in die lewe en werk van die sendelinge van die **London Missionary Society**. Manne soos Read, Van der Kemp en Phillip het die vryheid-gelykheid-broederskap-ideaal hier probeer uitleef en verwerklik. 'n Mens sien dit ook by 'n figuur soos David Livingstone wat aan die wesgrens van die ou Republiek die Tswanas met meer gewere as Bybels voorsien het sodat hulle nie nodig gehad

het om ongewapend die burgers se vee te roof nie.

Die Wêreldraad van Kerke doen vandag eintlik niks nuuts as hulle terroristebendes in die naam van die Christendom help bewapen nie. Livingstone het dit al byna 'n eeu vroeër in die naam van 'n Christendom wat uitgelewer is aan die vryheid-gelykheid-broederskap-ideaal, óók gedoen. Dáár, by dié sendelinge het al die gedagte gelewe dat die hele gemeenskap, die hele volkshuishouding omgevorm moet word om aan hierdie ideaal gestalte te gee. Dit was in die patroon van daardie denke dat die verligtes van daardie dae na die Voortrekkers en die Boeregemeenskap in Transvaal verwys het as dom, agterlik, bekrompe, ouderwets omdat hulle 'n Christelike lewenspatroon gehandhaaf het en in hulle eie volkshuishouding 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing tot uiting laat kom het. Dit was ánders as die algemene opvattings van daardie dae want die Afrikaner se opvattings was gebou op sy verstaan van die Heilige Skrif, wat hulle goed geken het én op hulle praktiese ervaring van die werklikhede van Afrika. Dáárom het die grondwet van die ou **Zuid-Afrikaansche Republiek** onder andere pertinent gestel: „Het volk wil geen gelijkstelling van gekleurden met blanke ingezetenen noch in kerk noch in staat."

Die voordeel van die republikeinse Afrikaner was dat gedurende die agtiende en negentiende eeu die nuwe, anti-christelike lewensgevoel en lewensopvatting grotendeels by die Afrikaner verbygegaan het. Relatief geïsoleerd hier aan die suidpunt van Afrika was dit die Afrikaner gegee om hier 'n eie, Christelik-gefundeerde lewens- en wêreldopvatting uit te leef en uit te bou.

In Europa is egter steeds verder gebou op die filosofie, die opvattings wat aanleiding tot die Franse rewolusie gegee het. Dit was ongeveer in die middel van die negentiende eeu dat dié denke in 'n nuwe sisteem saamgevat is deur die Duitse Jood, Karl Marx.

Marx is die filosoof wat die stelling gemaak het dat dit nie die taak van die denker of die filosoof is om die wêreld en die mensdom te probeer verstaan en verklaar nie maar om dit te **verander.** Die wêreld en die mensdom moet uitgelei word uit die Christendom, uit die kapitalistiese ekonomiese sisteem, uit die beskawingspatroon wat die blanke volkere in Europa deur die eeue opgebou het na 'n nuwe, ander, opwindende lewenspatroon. 'n Lewenspatroon waar géén God en géén Kerk sal wees nie; waar álle mense ewe vry, ewe gelyk, ewe broederlik sal saamwoon; waar álle mense ewe veel sal verdien, ewe veel sal werk, ewe veel sal ontvang; waar die grense tussen tale, volke en nasies sal wegval en daar één groot wêreldbroederskap sal wees sonder oorlog, sonder stryd, sonder moeite. Dit is die visioen van 'n aardse paradys, van 'n utopia wat deur die mens self verwerklik kan word én moet word.

Die voorwaarde om hierdie aardse paradys te kan bereik, is egter die rewolusie, die gewelddadige en genadelose vernietiging van die Christelike, westerse beskawingspatroon; die vernietiging van die gedagtes van nasionalisme; die vernieting van die Bybelse waardes en opvattings op elke vlak.

Marx se drome het 'n merkwaardige lewensvatbaarheid getoon. Nadat sy gedagtes deur Lenin in 1917 tot verwerkliking gebring is in Rusland, weliswaar met behulp van Amerikaanse dollars, het die marxistiese rewolusie en ideale soos 'n veldbrand in ons wêreld versprei. So vinnig het dié gedagtes versprei dat vandag al meer as die helfte van die wêreld se bevolking onder 'n kommunistiese, godlose sisteem leef. Met brute geweld het die kommunistiese maghebbers ook in alle lande waar hulle aan bewind gekom het alle teenstand uitgewis. Vanaf 1917 tot vandag toe het die kommunistiese magbehebbers in hulle eie lande al meer as 'n 100-miljoen mense vermoor. Wat dit van die Kerk geëis het in dié lande waar die kommunistiese sisteem getriomfeer het, kan seker nooit bereken word nie. Af en toe kry mens 'n beeld van die vervolging, onderdrukking en martelaarskap waaraan die vervolgde christene agter die Ystergordyn en in ander kommunistiese lande onderworpe is.

Die merkwaardige van ons tyd is dat in Wes-Europa, Engeland en Amerika die ideale en visioene van Marx nié verwerp is nie maar al meer en meer aanvaar word. Dáár, in bewegings soos die sosialisme, die liberalisme, die neo-marxisme en dergelike meer, word daardie selfde ideale herhaal net met dié verskil dat geoordeel word dat die rewolusie nié die noodsaaklike voorwaarde is om die Christelik-westerse lewens- en beskawingspatroon te vervang met die nuwe, godlose ideale wat deur Marx. sy navolgers en nabootsers gestel word nie. Die verset téén die Kerk, die verwerping van die Heilige Skrif en wat dit aan die mens sê en van die mens eis, die verwerping van die Christelike beskawingsvorm en leefwyse is vandag die byna-kenmerkende leefpatroon in die sogenaamde „vrye Weste". Dit is die populêre, die navolgenswaardige want dit is redelik, nuut, opwindend en verlig.

Hierdie tendens, hierdie hele stroming het nie net tot die denke buite en rondom die Kerk beperk gebly nie. Soos hierdie denke van

die marxisme, die sosialisme, die liberalisme in Wes-Europa veld gewen en populêr geword het, het daar al meer en meer teoloë, kerkmanne, predikante na vore getree wat probeer aantoon het dat hierdie ideale, opvattings en gedagtes eintlik eg-Bybels is, so in die Heilige Skrif voorkom. Daar is selfs gestel dat die Bybel tot vandag toe verkeerd gelees en verstaan is en dat die werklike boodskap van die Bybel feitlik identies is met die ideale van die marxisme, die sosialisme, de liberalsme en derglike meer.

So kry ons vandag teoloë wat stel dat God dood is, dat daar nié so iets soos 'n hemel, 'n hel, 'n hiernamaals of 'n God is wat totaal anders as die mens is en in 'n ander bedeling as die mens is nie.

Al „god" wat daar is, is die „goddelikheid" wat die mens in sy naaste moet herken en dáárin lê dan glo die sin en betekenis van die gebod dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself. Daar is vir die mens ook géén ander lewe as hierdie lewe op hierdie aarde nie en wat die mens hiér nie kan bereik nie, is hy kwyt.

Daar is ander teoloë wat stellig beweer dat die Bybel 'n uitnemender resep vir die rewolusie is as die leerstellings van Marx. As die Nuwe Testament sorgvuldig gelees word, sal ons merk dat Jesus die eerste, groot rewolusionêre figuur was wat die vernietiging van die bestaande orde voorop gestel het in sy prediking. Dan is dit vir hierdie teoloë vanselfsprekend dat die Russiese rewolusie die groot voorbeeld is van die rewolusionêre verandering wat die Christelike Kerk in hierdie wêreld moet bewerkstellig. Vryheid, gelykheid en die broederskap van die mens is glo die groot ideaal wat die Bybel ons leer.

Ander teoloë weer sê dat die Bybelse boodskap van ons eis om die strukture van hierdie wêreld te verander. Die hele beskawingspatroon, die hele leefwyse van die mens moet verander word. Dit is die eis wat die Kruis van Jesus Christus aan ons stel. Want daar aan die Kruis het Christus, eens en vir altyd is God en mens met mekaar versoen. Daar is die mens se sonde voor God hom finaal vergewe. Al wat nou nog moet gebeur, is dat die versoening tussen mens en mens verwerklik moet word. Daarom is dit die taak van die Kerk om alles wat die vryheid, die gelykheid en die broederskap van alle mense belemmer, aan te val en te vernietig.

So is daar ook teoloë wat stel dat die Kerk nie meer die ouderwetse, uitgediende instellings, waarvan die Heilige Skrif praat, mag handhaaf nie. In Christus het alles mos nuut geword en daarom moet die Kerk nie krampagtig en bekrompe eis dat die huwelik gehandhaaf moet word nie, dat die familie in ere gehou moet word nie, dat die owerheid gehoorsaam moet word nie en derglike meer. Die Kerk moet sy afkeur van homoseksualiteit intrek, proefhuwelike toelaat, die vrye gebruik van verdowingsmiddels goedkeur, die verpligte onderwys van die jeug afwys en álles goedpraat wat die volkome vryheid van die mens om te doen wat hy wil, eis.

Die Kerk mag ook nie meer gesaghebbend preek nie. Die vorm van die erediens moet radikaal verander word na dié van die dialoog, die vrye gedagtewisseling. Die hele gedagte dat daar 'n absolute God is wat die mens aanspreek met 'n gesaghebbende Woord is verkeerd want dit belemmer die vryheid van die mens en die vryheid van die mens om te maak soos hý wil, dit is die hoogste goed.

In Kerk en wêreld vandag is daar één groot tendens en dit is die tendens **om te verander,** om die Christelike, westerse beskawingspatroon te verander en te vernietig en om te streef na 'n nuwe lewenspatroon wat gebou is op die grondideaal van die vryheid, die gelykheid, die broederskap **van die mens.** Die verligte mens, die redelike, denkende, handelende mens wat nié gebind is deur die verlede of iets buite die mens nie, is **die ideale mens** van ons tyd. Dit is alleen hierdie mens wat die vermoë het om rewolusionêr of andersins, met of sonder geweld, deur te breek na die nuwe wêreld, die aardse paradys wat die mens self op aarde wil bou.

Almal wat teenoor hierdie beweging, hierdie ideaal staan, is die veragtes, die bekrompenes, die agterlikes want hulle hou vas aan waardes wat verbygegaan het, hulle klou vas aan denkbeelde wat nie bestaan nie en wat betekenisloos geword het in die nuwe, opwindende tyd.

Hierdie tendens, hierdie gedagte, hierdie beweging is nie net buite ons vaderland te sien nie, maar ook by ons in Suid-Afrikaanse kerke én in die wêreld rondom die kerke. Dit is nie altyd 'n openlike, direkte en maklik herkenbare aanval op die Kerk, sy leer nie en sy opvattings nie. Dit is ook nie altyd 'n blatante aanslag op ons lewenspatroon, ons Christelike beskawingspatroon nie maar dit is veel eer 'n geleidelike wegvreet van die fondamente waarop ons hele Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing rus. Deur die film, die radio, die tydskrif, die boek, die koerant en al

die ander kommunikasiemedia word hierdie gedagtes uitgedra en versprei. Geleidelik word 'n klimaat geskep waarin die mense byna vanself hulle waardes verskuif, waar hulle ander doelwitte nastreef en ander lewensideale nastreef wat nié gebou is op die ou, vaste fondamente nie maar wat uitdrukking gee aan die nuwe, verligte ideaal waar die mens en die mens alléén op die voorgrond staan, waar alles diensbaar gemaak word aan die vryheid, die gelykheid, die broederskap van die mens.

Die opvallende van hierdie situasie is dat géén mens groter vyandskap, groter haat, groter hoon en spot kan ontlok as om hierdie nuwe rigting, tendens of lewenspatroon te probeer teenstaan nie. Dit is merkwaardig met watter venynigheid die apostels van die „broederskap van alle mense" en van „die liefde tot die medemens" diegene te lyf gaan en probeer stilmaak wat nie hierdie nuwe opvattings en lewenspatrone wil aanvaar nie. Dit is die keersy van die nuwerwetse verligtheid dat dit geen opposisie duld nie.

Daarom is dit ook so dat dié Kerk, dié gemeente, dié predikant en dié teoloog wat bly by die evangelie van Jesus Christus, soos dit in die Skrif staan, of doodgeswyg of stilgemaak word. Gods Woord soos dit verkondig **moet word,** is vir die verligte denke van ons tyd 'n ergernis.

Samevattend kan mens stel dat hierdie hedendaagse tendens, hierdie geroep na verandering, hierdie verwerping van die historiese erfenis van die Christendom én die westerse beskawing eintlik nie besonder nuut is nie. As mens die geskiedenis nagaan, is dit duidelik dat die wortels van hierde „nuwe denke" in die ou, Grieks-Romeinse heidendom lê. Dit is daardie selfde heidendom, net in 'n nuwe gedaante, wat nou aangedien word as die hoogste prestasie en vermoë van die moderne mens.

'n Treffender illustrasie van die ou, Bybels-gefundeerde waarheid dat die mens 'n sondaar is, van nature geneig om God en sy naaste te haat, is daar seker nie. Daar is dan ook 'n diepe ironie in die feit dat die moderne terugkeer na die heidendom luidkeels en wêreldwyd aangedien word as die groot stap vorentoe wat die moderne mens maak en moet maak. Met dieselfde entoesiasme as wat vandag waargeneem kan word, is gedurende die 19e eeu in die naam van die redelike menslike denke, in die naam van verligtheid afstand gedoen van die geloof in God en die gehoorsaamheid aan sy Woord.

Net soos in die 19e eeu is dit opvallend dat die „groot teoloë" van ons tyd, die teoloë wat deur die koerante aangehaal en bewierook word, juis daardie teoloë is wat saam met die stroom swem, wat bewus of onbewus, alles in hulle vermoë doen om die Heilige Skrif uit te lê volgens die eise wat die mense stel.

Tot op sekere hoogte is dit verstaanbaar en natuurlik want die Heilige Skrif leer ons dat die sonde, die verset teen God en sy Woord, die verwerping van die Christelike lewensorde **die normale** in hierdie ondermaanse is. Die abnormale, die ongewone is dat daar so iets soos 'n Kerk, 'n gemeente, 'n gemeente van heiliges is wat in dankbaarheid en vreugde rondom Gods Woord voor sy aangesig lewe.

**Die gemeente vandag**

Hier, tydens die herdenking van die gemeente se vyftigste bestaansjaar, is dit goed dat ons na onsself en na ons eie tyd kyk. Dit is óók goed dat ons na die verlede sal kyk sodat ons sal besef wáárvandaan ons kom, wat die grondslae van ons lewensbestaan is én waarom ons vandag hier 'n gemeente is. Die apostel Paulus, as hy in sy brief aan die Korinthiërs, ver en wyd teruggekyk het op die geskiedenis van Israel sê dan: „Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het." Ons van vandag het 'n swaarder verantwoordelikheid as dié wat ons voorgegaan het want ons het ook daardie voorbeelde voor ons om ons te leer en te lei.

Tog, as mens so na ons tyd kyk dan is dit al of die vrees mens bekruip dat dit gladnie meer so **vanselfsprekend** is dat daar so iets soos 'n Kerk of 'n gemeente is nie. Mens vra jouself af of dit nog realisties is om te dink dat ons kinders en ons kindskinders óók gelowiges sal wees, nóg dankbaar sal wees dat hiér 'n gemeente gebou en in stand gehou is. Immers die suigkrag van die teenswoordige anti-christelike, heidense gedagtestrominge en lewensvorme is geweldig sterk. Dit word tog bewys deur die toename van wat mens die **na-christelike heidendom** kan noem. Oral bestaan die neiging om God en sy Woord te minag, om die verlede vergeet die geërfde weg te gooi, om die beproefde paaie te verlaat om op skynbaar nuwe paaie, wat eintlik maar ou dwaalweë is, te wandel.

Dit bring my daarby om te stel dat ons vandag nog **'n keuse** het nl. óf om saam te gaan met die stroom in die wêreld en in som-

mige dele van die Kerk óf om ons daartéén te verset. 'n Mens kan dit ook anders formuleer en wel so dat ons moet kies om trou te bly aan ons beloftes, trou te bly in ons geloof, trou te bly in ons gehoorsaamheid aan God, trou te bly aan die koers en rigting van ons vadere.

Daar is natuurlik ook 'n derde moontlikheid en dit is om te maak asof geen keuse nodig is nie en om so die verantwoordelikheid van 'n keuse te ontduik. Laat ons dan egter bedink dat die Italiaanse digter Dante wat in 1321 oorlede is, 'n keer gesê het dat die diepste en vreeslikste verdoemenisse van die hel spesiaal ingerig is vir diegene wat in krisistye neutraal wou bly!

Die vraag kan gevra word wat ons te doen staan as ons positief kies téén die huidige tendense in die wêreld en die Kerk. Eintlik is dit nie groot en veeleisende dinge wat van u gevra word nie. Slegs dat ons, as lidmate, as gemeente, as Kerk wéér en wéér bereid moet wees om Gods Woord te beluister en te verstaan as **dié lewende Woord** wat die ewige God tot ons spreek. Dat ons weer ons hart en ons lewe sal oopstel vir daardie Woord om dit te hóór én gehoorsaam te wees. Dat ons weer die tyd sal maak om ons voor daardie Woord te buig en dit te lees en te verstaan as dié lig wat God ons gee op ons pad deur die wêreld. Dat ons só sal lees en sal luister dat ons weer opnuut sal begryp wat sulke bekende woorde soos sonde, genade, verlossing, versoening, dankbaarheid en gehoorsaamheid beteken. Dan sal ons weer in staat wees om rekenskap te gee waarom ons 'n bepaalde lewensstyl, 'n bepaalde lewensorde handhaaf.

Daarby sal ons onsself daarvan moet rekenskap gee wát dit beteken dat vanuit die Christendom téénoor die vryheid, gelykheid en broederskap-ideaal van die moderne heidendom drie ánder begrippe staan nl. God, familie, volk. Dáárdie drie begrippe dui op 'n ander lewenspatroon, 'n ander lewensuitkyk as dié een wat vandag skynbaar onoorwinlik oor die wêreld gaan.

Ons sal óók kennis moet neem van die koers wat ons vadere gegaan het. Ons moet onsself daarvan vergewis dat die Algemene Kerkvergadering van ons Kerk in 1888, by monde sy voorsitter, ds. M. J. Goddefroy, gestel het: „. . . dat wij nu zullen blijven vasthouden aan de volgende twee fondamentele beginselen, levensvoorwaarden voor de vrijheid van dit land . . . strijd tegen vreemde overheersching; (strijd) tegen gelijkstelling met kleurlingen."

Daar is mos so-iets soos 'n geestelike erfenis, bepaalde geërfde goedere waarvan mens nie vrywillig afstand kan doen sonder om jou eie bestaansreg te verloën nie. Eenmaal vantevore het die Afrikanervolk, by Paardekraal op Geloftedag 1880 gevra en gesê: „God wil, dat de eerbied onzer vaderen en de liefde jegens onze kinderen ons voorschrijft, het erfpand der vaderen ongeschonden aan onze kinderen over te leveren."

Ons het hier in ons eie tyd wéér in 'n situasie beland waar ons onsself rekenskap moet gee van dié **erfpand der vaderen**. Ons moet óók besluit wát dit is wat ons ongeskonde aan ons kinders wil en moet oordra.

Wat hierdie tyd van ons vra, is dieselfde as wat die apostel Paulus van die gemeente in Efese gevra het nl. dat die gelowiges as geharnaste stryders, as toegeruste stryders in die wêreld moet staan, moet leef en moet werk.

Wat hierdie tyd van ons vra is groter sekerheid in ons geloof, dieper insig in die ewige waarhede van die Skrif, groter vertroue op die God van ons vadere, innerlike bereidheid om in dankbaarheid en gehoorsaamheid voor Gods aangesig te lewe.

Wat hierdie tyd van ons vra is sekerheid van ons historiese erfenis, sekerheid wat dit beteken en dan bereidheid om die **erfpand der vaderen** te behou én uit te bou.

Ons vier in hierdie dae die vyftigste bestaansjaar van hierdie gemeente. As ons met hierdie herdenking andermaal besef wat die eise van óns tyd is en wat die verantwoordelikheid is wat ons dra, dan kan hierdie feesviering iets méér wees as net 'n feestelike geleentheid. Dan kan dit 'n geleentheid wees waar ons as lidmate en as gemeente onsself opnuut aan God die Here en aan sy diens toewy, waar ons opnuut die wonder van die geloof ervaar, waar ons opnuut in ons hoop en ons vertroue op God versterk word, waar ons opnuut die pad sien waarlangs ons gekom het en opnuut besef dat ons alléén 'n toekoms het as ons pad vorentoe die verlenging is van die pad wat agter lê.

As ons dit alles wéér opnuut besef, opnuut beleef dán kan ons ook met groot gerustheid die toekoms tegemoet gaan. Ons weet en ons glo mos dat ons alles in Gods hande kan laat nadat ons alles gedoen het wat Hy van ons verwag.

A. D. Pont

Universiteit van Pretoria.
19 Junie 1974.

# Oordenking

**SKRIFLESING:** LUKAS 9; 51-62.
**TEKS:** LUKAS 9:62.

„En Jesus antwoord hom: Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die Koninkryk van God nie."

Aan die begin van hierdie perikoop wat ons gelees het, staan „En terwyl hulle op reis was" het die volgende plaasgevind. Op reisja van stilstand kan daar nooit sprake wees nie. Maar 'n reis waarheen? Wat Christus betref, was dit 'n doelgerigte reis na Golgotha met al sy foltering, pyn en bespotting. 'n Reis na die graf waar Hy moes deurgaan om op te staan en op te vaar na die hemel, om te gaan sit aan die regterhand van God die Vader in Sy ewige koninkryk en glorieryke heerlikheid.

Die hemelvaart, die verrysenis van ons Heer en Heiland is die triomf oomblik op sy reis. Op daardie tog en reis was daar nie na links of regs gewyk nie. Nee, met 'n ferm hand, met geloofsoortuiging, met kinderlike vertroue en gehoorsaamheid, was die toekoms ingeslaan, was die lief en leed aanvaar, omdat Christus geweet het wat Hy wil en waarheen Hy op reis was.

Met sterk innerlike krag, met 'n gesonde gees, het die Seun van God, krisis na krisis te bowe gekom en daarom dat Hy ook, terwyl hulle so op reis was, ons tekswoorde aan sy reisgenote kon rig.

„Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk is geskik vir die Koninkryk van God nie."

En dit is waar ten opsigte van elke reisgenoot na die ewigheid; t.o.v. die gelowiges wat weet dat hulle bestemming nie hier is nie, maar in die hemel en elkeen sal sonder om na links of regs te wyk die hand aan die ploeg slaan. Hy sal nie agtertoe kyk nie, maar sy oog strak op die eindpunt van die akker hou sodat hy reguit op sy doel afpyl.

Maar dit is ook waar in die tweede plek t.o.v. ons daaglikse lewe, ons daaglikse arbeid, ons ideale en strewes. Wanneer ons 'n taak aanpak dan weet jy by voorbaat dat dit nooit sonder probleme en terugslae volvoer sal kan word nie. Maar juis die besef van die struikelblokke, gaan jou nie laat tou opgooi nie. Nee, dit sal 'n mens slegs daartoe bring dat jy jou meer sal staal, om met 'n des te fermer hand, die ingeslane weg aan te pak en te deurvoer. Net soos wat Jesus nie teruggedeins het omdat die Kruis afskrikwekkend voor Hom opgedoem het nie. Want Hy het geweet dat agter die kruis verskyn in glorieglans- die triomfantlike hemelvaart, die roemryke oorwinning oor sonde en dood.

En terwyl u en ek, terwyl ons as gemeente van Koedoesrand in hierdie dae ook op reis is, verskyn op ons lewenspad, verskyn op ons lewensweg 'n afstandwyser, 'n mylpaal waarop daardie getal 50 jaar in myle aangedui word wat ons as 'n gemeente saamgereis het. En hier waar ons op die 50 merk staan, hier op die hoogte in ons feesgewaad, dan kyk ons terug en sien ons baie dinge. Ons sien hoedat die grafiek op en neer daal. Dink maar terug 50 jaar gelede, 'n handjie vol mense wat gelowig 'n selfstandige gemeente tot stand gebring het. Mense soos Oom Frikkie Grobler en sy vrou, Oom Koos van Vuuren en sy vrou, Oom Fanie Viljoen en sy vrou en Oom Petrus v.d. Merwe en Tant Sannie. Ek onthou nie almal meer nie. Jare lank 'n konsulentsgemeente en daarna vir 'n tydjie in kombinasie met Potgietersrus om uiteindelik in Februarie 1952 hulle eerste eie predikantspaar ds. N. M. J. S. Heyneke, sy vrou en hulle dogtertjie te mag ontvang.


Daar was 'n Kerkgebou en pastorie met een sjieling en drie pennies in die bank. Spoedig bars die Kerkgebou egter sodanig dat dit afgebreek moes word. Vir ongeveer twee jaar moes daar onder bokseile kerk gehou word om egter met groot vreugde op 26 Oktober 1957 sy pragtige nuwe kerk en orrel in gebruik te neem. Sedertdien het dit goedgegaan tot dat die droogtes en dies meer gekom het om die gemeente te dwing om weer 'n konsulentsgemeente te word. Daar het egter weer herstel ingetree en nou na 50 jaar gaan dit weer goed en is die pastorie bewoon.

Terwyl 'n mens so peins oor die verlede, terwyl jy so kyk na hierdie grafiek wat op en neer gaan, dan voel jy om temidde van die prestasies en laagwatermerke, so 'n bietjie te rus of om jou 'n wyle te koester in die strale van hierdie verbygegane jare. Dan word jy egter ru en hardhandig deur ons tekswoord wakker geskud nl. dat ons op reis is, dat daar 'n volgende 50 jaar ons wink en toeroep: „Kom gemeente, julle is op reis." Jy kan nie gaan rus en terugkyk nie, die toekoms lê voor en daag jou uit. Jy het nog nie die einddoel bereik nie. Vir hierdie toekoms, wat waarskynlik nog groter uitdagings inhou, het ons broodnodig werkende lidmate, lidmate wat ferm en doelgerig die hand aan die ploeg sal slaan. Ons het lidmate nodig wat met hulle denke, arbeid, geloofsoortuiging en gehoorsaamheid sal werk en bou.

Alleen diegene wat in gehoorsaamheid aan die woorde van Christus, die hand aan die ploeg slaan en nie agtertoe kyk nie, maar slegs vorentoe en sien die groot braakgrond wat nog geploeg moet word, die sal slaag.

„Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk is geskik vir die Koninkryk van God nie." Amen.

**Ds. N. M. J. S. Heyneke**



# Oordenking

**LEES: Matt. 22:1-14.**

**TEKS: Matt. 22:11.**

Vir die Gemeente Koedoesrand is dit 'n heuglike gebeurtenis om die bestaan van die gemeente vir vyftig jaar feestelik te vier. Die lof en die dank wat aan die Heer van die Kerk toegebring word getuig van groot dankbaarheid waarmee die mense vervul is. Baie werk is vooraf gedoen om hierdie fees te hê.

So word daar, en sal daar op baie plekke en tye deur mense feesgevier word. Mense vier fees. Maar alle mense is sondaars en alle mensewerk is gebrekkig. Daar is altyd tekortkominge.

Ook by hierdie fees van die Gemeente van Koedoesrand is dit so en tog is dit ook Anders.

Dit is anders omdat dit die Kerk is wat besig is om iets te doen.

Wanneer Jesus met die mense praat gebruik Hy woorde en beelde wat hulle verstaan en waarmee hulle bekend is.

In die Gedeelte van die Skrif wat ons saam gelees het vertel Jesus van 'n Koning, 'n man wat 'n feesmaal berei.

Hy het uitnodigings gestuur aan baie mense. Toe die tyd van die fees daar is het die verontskuldigings ingekom.

Baie ekskuse is gemaak maar die mense het net nie gekom nie.

Die man het, ten einde die fees nogtans te laat plaasvind van sy knegte gestuur om oral waar hulle iemand kon vind, dié te bring om die feessaal vol te kry.

In die strate en gangetjies, kreupeles, verminktes, die almal moes gebring word.

In elk geval daar moet feesgevier word. So is dit gedoen en eindelik kon die fees begin. As die man dan inkom na sy gaste is alles netjies in orde, behalwe dat daar iemand ook aanwesig is wat geen bruilofskleed aan te het nie. Net een sonder bruilofskleed.

Die koning of man vra aan hom hoe hy ingekom het sonder 'n feeskleed. Die vriend het geen woord gesê nie. In opdrag van die koning is hy uitgeneem in die buitenste duisternis.

In wat ons in hierdie gelykenis lees kry ons eintlik saamgevat die geskiedenis van die mense met betrekking tot God. God spreek die mens aan in die Wet en Profete. So vind ons die hele Ou Testament tot by Christus wat hierdie dinge aan ons sê.

Die mens in sy Sondigheid hoor en weet wel maar verloop altyd weer. Die menslike pogings om sy eie heil te soek en te vind misluk steeds.

Die liefde van God vir die mens is ondeurgrondelik Groot. God laat die mens nie aan sy lot oor nie. In die volheid van die tyd is Jesus gebore en het Hy by die mense geleef. Hy het na sy eie gekom maar hulle het hom nie geken nie. Die Tempeldiens het die wesenlike van die Godsdiens nie meer geken nie. Nou is Jesus daar en Hy praat met gesag en nie soos die Skrifgeleerdes nie.

As Hy dan hierdie Gelykenis vertel, vertel Hy ook van Homself.

Daar moet fees wees, daar moet vrede en vreugde in die harte en lewens van die mense wees. Die redding van die mens is buite homself in Christus.

Die mens in sy mislukkings, in sy kommer en angs en sy vrees en doodsverwagting kry in Jesus 'n ander afmeting. Reeds in die gelykenis van die Verlore Seun vertel Hy van die nuwe klere en 'n ring aan die vinger en skoene en 'n maaltyd en vreugde en blydskap. Maar as Hy vertel praat Hy met die mense soos hulle is en in die omstandighede wat bestaan.

Hy praat, soos in Jes. 53 van Hom gesê is, soos iemand sonder Gedaante of heerlikheid. Hy is iemand wat ook daar is, 'n ou bekende. Die koning spreek Hom aan as 'n vreemde, maar tog sê hy „vriend".

Die koning, die mens, praat maar die vriend sê nie 'n woord nie. Dis weer soos in Jes. 53 gesê is. Hy maak Sy mond nie oop nie.

Mense kan baie en maklik praat, maar mensewoorde kan ook maklik sinledig en dwaas wees.

Die vriend word uitgewerp in die buitenste duisternis. Soos ons reeds gesê het as Jesus in die gelykenis van mense praat, praat Hy nie net van mense nie, maar Hy praat ook oor Homself tussen die mense.

Hy vertel ook Sy Lydingsgeskiedenis. Hy is die „vriend" wat deur die koning aangespreek is. Hy is die „vriend" in die buitenste duisternis.

En dan is ons by die Kerk, Want die Kerk is die Gemeente van die Here Jesus. En die Kerk is die eintlike feesplek van die mense. En as ons dan hier in Koedoesrand feesvier, dan is dit anders, omdat dit 'n Kersfees is. Die fees het betekenis, nie net vir die tyd nie maar ook vir die ewigheid.

Ons as mense is onhandig en vol gebreke. Ook as Gemeentelede. Ook vertel die geskiedenis van hierdie Gemeente van baie probleme en moeilikhede. Van mense se eiesinnighede en hebbelikhede. Nogtans lê die verhaal op 'n ander vlak.

Dit vertel van mense wat as gelowiges saamkom om te aanbid, tot eer van God te sing en veral om te luister na die Ewige Evangelie.

Hoe verskillend in aard, hoe eiewillig ookal, dit vertel van die Groot Genade van God wat reeds vir 50 jaar die Gemeente toegelaat het om saam te wees as deel van die Kerk van Jesus Christus.

Die vriend wat wel in die buitenste duisternis gewerp is, wat op Golgota gesterf het aan die Kruis. Deur God en die mense verlaat. Gesterf het en verlaat is, sodat ons nooit weer verlate sal wees nie en sal lewe tot in ewigheid in Hom.

Wanneer die mense opstaan en met hulle mond bely dat hulle Glo in Jesus Christus, dat hulle die Evangelie Woord indrink, dan is dit fees.

Dan kry al die dinge betekenis. Die dienswerk van die predikant, die Kerkraad en elke lid van die Gemeente, vanaf die vernaamste tot die geringste.

Almal in diens van die Here.

Met hierdie fees van die Gemeente kan elkeen wat daar deel aan het 'n getuie wees van die wondere Genade van God en is dit sekerlik dat daar diep uit die hart die bede kom dat God in Sy Genade sal gee dat in die jare wat kom die Hemelse boodskap gehoor en Gehoorsaam sal word.

Soos die Evangeliebediening in die Kerk in die verlede was, sonder allerlei snaaksighede en nuwighede so mag die Gemeente Koedoesrand sy wonderlike erfenis oordra aan hulle wat kom.

Mag elkeen van u altyd bewus daarvan wees dat dit wonderlik heerlik is om lid van Ons Kerk te mag wees. Mag die Here u seën en u behoed op al u weë.

Mag Sy Genade vir u genoeg wees.

Amen.

**G. P. J. Grobler**



# Bedankings na afloop van ons fees deur br. Gys van der Merwe

Meneer die Seremoniemeester, prof. dr. Pont, al die predikante, broeders en susters, en almal hier teenwoordig vanmiddag.

Dit is vir my 'n vreugdevolle voorreg om vanmiddag hier die bedankings te kan doen. Ek sê dis 'n voorreg, want vyftig jaar gelede hoe onthou ek nie nog die stem van wyle prof. Greyvenstein daar in die ou waenhuis van my vader nie.

Hoe onthou ek nie daardie voorbereidingsdiens daardie Saterdagmiddag toe prof. Greyvenstein 'n paar keer in sy preek aangehaal het „Paulus nietz, God alles''.

Hoe onthou ek nog die gemeentevergadering wat daarop gevolg het, hoe daar gestem is oor die naam van die gemeente „Koedoesrand'', die verkiesing van die ses kerkraadslede en hulle bevestiging. As ouderlinge: ooms Frikkie Grobler, Lou van Niekerk, Fanie Viljoen. As diakens: Thys Rossouw, Petrus van der Merwe en Gert Smith, wat ook skriba en kassier was. Hoe onthou ek nie oudl. Hans Vorster (met sy groot snor) as lid van die Algemene Kommissie wat saam met prof. Greyvenstein afgevaardig was om die afstigting waar te neem. Albei hierdie here was vir byna 'n week lank tuis in my ouerhuis.

Daar was dr. H. D. van Broekhuizen, die eerste konsulent van die gemeente, met sy harde, bas stem. •

Aan u, prof. Pont, ons hartlike dank dat u ons vereer het met u teenwoordigheid, en vir u interessante toespraak waarna ons kon luister. Waar u verbonde is aan die Universiteit van Pretoria waar ons toekomstige predikante opgelei word, wens ons u, en ook al die ander professore, dat u altyd die nodige krag sal ontvang, en dat u almal nog lank gespaar sal bly vir ons geliefde Hervormde Kerk.

Ook ons hartlike dank aan ds. Schalk Botha vir sy uiteensetting van gebeure in die gemeente oor die afgelope vyftig jaar. Ons weet dat dit baie naslaanwerk gekos het, om die geskiedenis van hierdie gemeente oor die afgelope vyftig jaar saam te stel. Namens die gemeente sê ons aan u, baie, baie dankie.

Aan ds. G. P. J. Grobler, sê ons baie dankie vir u oorkoms met ons feesviering, en vir die erediens wat u vandag gelei het. Dit was baie aangenaam om weer te kon luister na die ou bekende stem vanaf die kansel. Maar sedert u laas hier was, het iets verander. Ons merk dat die baard al wit geword het. Aan u en mevrou wens ons toe 'n rustige oudag waar u nog in 'n gemeente staan.

Aan ds. Heyneke wat weens siekte nie hier kon wees nie, wens ons 'n spoedige en algehele herstel toe.

Aan ds. J. L. van Staden, ook 'n oud-predikant van die gemeente, sê ons baie dankie vir die goeie wense namens die Ring van Waterberg, asook sy eie gemeente, Potgietersrus.

Aan ds. en mevrou Abel Botha, ook 'n oud-predikant van ons, ons hartlike dank vir u oorkoms en u teenwoordigheid hier met ons feesviering.

Aan ds. Malan van die Gereformeerde Kerk, u het gemeld dat die afgelope vyftig jaar maar alleen God se genade is. So is dit, alles wat ons het en ontvang is alleen Gods genade. Ons hartlike dank aan u vir u goeie wense, en mag u ook in u eie gemeente Sy genade ondervind.

Ook aan ds. Otto van die N.G. gemeente hier, sê ons baie dankie vir u teenwoordigheid en die goeie wense wat u namens u Kerk uitgespreek het.

Aan ds. P. J. van der Merwe, ons plaaslike predikant, ons hartlike dank vir die onthulling van die gedenksteen hier langs die kerkgebou. Ook aan hom en sy komitee wat die reëlings getref het vir ons feesviering, sê ons baie dankie vir al die werk.

Aan oudl. Petrus van der Merwe en mnr. De Beer van Potgietersrus ons hartlike dank vir die skenking van die gedenksteen. Dit is 'n baie mooi gebaar van u kant, en u het die gemeente 'n paar honderd Rand gespaar. Baie dankie daarvoor.

Aan al die lede van die N.H.S.V. is ons groot dank verskuldig vir al die eet- en drinkgoed wat hulle vir ons versamel en voorberei het. Ons besef maar te goed hoe u tuis en ook hier hard gewerk het om alles so klaar te maak en te bedien. Aan u een en almal sê ons baie dankie, ons het dit baie geniet.

Aan al die broeders en susters van ander kerke wat teenwoordig is, en wat ons vereer het om ons feesviering so 'n sukses te maak, aan u almal ons hartlike dank.